

HOOFSTUK 1

ORIËTERING

1.1 AANLEIDENDE GEDAGTES TOT DIE ONDERHAWIGE STUDIE

Een van die grootste uitdagings in die lewe is om aan te pas by voortdurende veranderende omstandighede. Vanaf kinderdae leer 'n mens aanpas – by 'n nuwe skool, nuwe huis, nuwe vriende, tot waar hy in sy ou dag genoep word om oor die dood te besin (Du Venage 1994:11).

Verandering is dikwels 'n stresvolle aangeleentheid omdat die konfrontasie tussen kragte ter verandering en dié van weerstand daarteen bykans onvermydelik is. Onsekerheid, 'n gebrek aan beheer oor omstandighede en ander probleme word deur verandering geïmpliseer. Tog kan veranderinge as uitdagings tot effektiewe bestuur beskou word terwyl daar gepoog word om sekere beginsels te laat geld. Dit kan derhalwe beskou word as 'n geleentheid om stabiliteit ten opsigte van dit wat as universeel waardevol beskou word te behou en terselfdertyd kreatief aan te pas by veranderende politieke, ekonomiese en ander eise om vernuwing te stimuleer en om die mens se eie aannames oor sake opnuut te ondersoek en waar nodig te verander.

Verandering kan vinnig geskied. In die R.S.A. het nuwe embleme vir gevestigde ondernemings en selfs 'n nuwe landsvlag bykans oornag hul verskyning gemaak. Terwyl die media voortdurend propageer dat 'n 'wonderlike nuwe nasie' hier aan die suidpunt van Afrika gebore word op grond van versoening, word daar volgens sekere skrywers aangedring op die prysgee van gekykte beginsels (Versveld 1995:1).

Berigte sedert 1994 in die media dui op die bevreemding en selfs moontlike negering van gekykte beginsels wat verreikende gevolge vir die opvoeding en onderwys inhou: 'Sodra prostitusie nie meer 'n misdaad is nie, sal opvoeding oor vigs openliker en met groter sukses gedoen kan word' (Louw 1993:21); 'Outomatiese bevordering in laagste standerds bespreek' (Parlementêre redaksie 1994c:7); 'Leerlinge in st. 2 moet net Wiskunde en 'n [enkele] taal slaag' (Dedekind 1995:3); 'Bestaande leerplanne [wat huidiglik in die skole van toepassing is] is irrelevant' (Parlementêre redaksie 1994a:7); 'Die geërfde skoolmodelle, van watter soort ook al, moet vervang word' (Mnr. Sibusiso Bengu in Parlementêre redaksie 1994a:7).

'n Verandering soos die invoering van 'n nuwe grondwet is vir sommige mense 'n heuglike ervaring omdat dit iets verteenwoordig waarna hulle gestrewe het. Vir sommige kan dit iets impliseer waarteen hulle hele lewe lank verset het. Vir sommige is dit niks anders as net nog 'n verandering wat hanteer moet word nie. Dit is egter duidelik dat veranderinge nie noodwendig altyd vir die mens 'n aangename verskynsel is om te hanteer nie.

Met die inwerkingtreding van die nuwe grondwetlike bedeling in April 1994,¹ het Suid-Afrika die vesting van 'n nuwe sosiale orde betree waarin die beklemtoning van fundamentele menseregte soos in die Grondwet (Wet 108 van 1996) vervat, die onhoudbaarheid van die ou onderwysbedeling beklemtoon het en transformasie in belang van 'n nuwe bedeling as onmiddellike vereiste gestel het. Die hoofstuk oor menseregte in die Grondwet vereis dat 'n nuwe onderwysbedeling moet getuig van sosiale geregtigheid. Laasgenoemde veronderstel die afskaffing van diskriminasie op grond van kleur, verbod op alle onbillike diskriminasie, gelyke beregtiging en gelykheid voor die reg. In die Grondwet word ook besondere klem geplaas op die belangrikheid van nasiebou en versoening. Die ou onderwysstelsel met sy gefragmenteerde karakter moes totaal omvorm en vernuwe word (Van Loggerenberg 1996:1).

Die nuutste Suid-Afrikaanse skolewet (Suid-Afrika Wet 84 van 1996) bevat verskeie aanduidings dat die erkenning van die Christelike geloof, die moedertaal en 'n volkseie² kultuur nie in die stelsel van onderwysvoorsiening wat tans bedink en beplan word, sterk sal figureer nie. Terselfdertyd word bepaal dat daar nie gediskrimineer mag word op grond van ras, taal en geloof nie (Suid-Afrika Wet 84 van 1996:art.5(1)).

Uit bogenoemde blyk dit dat daar opnuut weer kennis geneem moet word van ideologies-begronde beginsels³ wat behoorlike opvoeding onderskraag sodat riglyne aan die onderwys, wat tans in 'n labiele, anormatiewe staat verkeer, verskaf kan word.

Veranderde politieke omstandighede en voortsnellende ontwikkelings stel besondere eise aan sowel die mens as die staat. 'n Tydperk van nuwe sedelike waardes word, soos Schutte ([S.a.]:55) dit beskryf,

... gekenmerk deur sekularisme⁴, eksistensialisme⁵, liberalisme⁶, ekunisme⁷ en ander verskynsels wat nie vir die Christelik-nasionale bevorderlik is nie.

¹ Die eerste veelrassige demokratiese verkiesing het in 1994 plaasgevind.

² Wat aan die volk eie is, soos bepaalde feeste, gebruike en kleredrag. Die woord 'volk' dui op 'n groep mense wat deur eenheid van taal en historiese ontwikkeling 'n duidelike besef van saamhorigheid besit (HAT 1994, s.v. 'volk').

³ Ideologie is van die terme *idea* (beeld) en *logos* (woord) afgelei. Dit dui derhalwe op die wetenskap van idees: die beginsels en daaruit voortvloeiende denkbeelde van een of ander stelsel of teorie; bepaalde lewensbeskouing of denkwysse; die idees of denkrigting eie aan 'n individu of groep (Van Rensburg & Landman 1984:79).

-
- ⁴ Sekularisme verwys na verwêreldliking en dui op 'n geslote wêreld: 'n wêreld sonder God - daarom 'n wêreld as horisontaliteit. Sekularisasie is 'n unieke verskynsel in die wêreldgeskiedenis, veral wat die omvang daarvan betref. Daar was altyd mense wat die opvatting gehuldig het daar geen God en ook geen gode bestaan nie. Hedendaags lewe ons 'in 'n wêreld sonder God' wat terselfdertyd deur die magte van welvaart, voorspoed, onproduktiewe vryetyd, gelyke geleenthede vanweë menslike gelykheid en regte en uiteenlopende eise oorweldig is (Van Rensburg & Landman 1984:161–162). Sekularisasie dui daarop dat die aardse, die hier en die nou van die mens se bestaan vir hom allesoorheersend geword het. Dit dui dus veral op 'n verskraling van die mens se tydsbegrip, aangesien sekularisasie die mens afsny van sy ewigheidsbestemming. Dit belemmer die mens se vermoë om te vra na die eerste en laaste grond van sy bestaan, met ander woorde die sinsgrond van sy bestaan. Sekularisasie dui verder daarop dat godsdienstige begrippe en die kerk self, 'n minder belangrike rol speel in die mens se lewe en denke en gevolglik ook in die sedelike lewe. Vir die gesekulariseerde mens is God nie meer van belang nie.
- ⁵ Eksistensialisme as denkrigting ken aan die eksistensie (die menslike bestaan) die beslissende en sentrale plek toe en van hieruit moet die mens sy wêreld en God probeer verstaan (Van Rensburg & Landman 1984:39).
- ⁶ Liberalisme stel die individu sentraal. Gemeenskaplike norme word derhalwe as 'n bedreiging vir die individu ervaar. Liberalisme propageer die oningeperkte vryheid van die mens wat aan geen ander voorwaarde gebonde mag wees nie. Hierdie vryheid moet deur die toenemende verdraagsaamheid van die gemeenskap verkry word sodat alle kritiek uitgekakel word en die individu sy eie vrysinnige en ongebonde denkbeelde kan uitleef. (Van Rensburg & Landman 1984:94.)
- ⁷ In 'n wêreld waarin die Christene 'n steeds dalende persentasie van die wêreldbevolking uitmaak, voel al hoe meer Christene die verdeeldheid van die Kerk van Christus as 'n diepe nood aan. Uit dié besef het die ekunisme, gerig op groter samewerking en sigbare eenheid tussen die Christelike Kerke, ontstaan. So bestaan daar verskeie wêreldrade of -bonde van Protestantse Kerke wat dieselfde leerstellinge onderskryf. Onder hierdie bonde is daar die Lutherse Wêreldfederasie, die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke, die Anglikaanse Wêreldbond, die Gereformeerde Ekumeniese Sinode en die Baptiste Wêreldraad. Die omvattendste nie-Rooms-Katolieke wêreldvergadering wat uit die ekumeniese strewe gebore is, is die Wêreldraad van Kerke, wat in 1948 tot stand gekom het. Dié organisasie en tientalle kerke uit al die hoofstrominge buite die Rooms-Katolieke Kerk behoort daartoe, onder meer ook nie-Rooms-Katolieke Kerke van agter die eertydse Ystergordyn. Veral onder Gereformeerde Kerke is daar geen eenstemmigheid oor die vraag of lidmaatskap van dié raad menslik is nie. Die Wêreldraad van Kerke bly nietemin die mees verteenwoordigende nie-Rooms-Katolieke organisasie. In die laaste jare het die verhouding tussen die Rooms-Katolieke Kerk en die Protestantse Kerke in sekere opsigte verbeter. Op verskeie terreine (veral op die gebied van barmhartigheidswerk) werk Protestante en Rooms-Katolieke vandag dikwels saam (Kennis 1970–74,9(102):1752).

Talle jeugdige misken die betekenisvolheid van universele norme en die waardes van die ouer geslag. Misdaad en onrus op kampusse is aan die orde van die dag,⁸ prostitusie⁹ neem skrikwekkend toe, korrupsie,¹⁰ moord¹¹ asook wettiging van dobbelary¹² word bykans daagliks gerapporteer in mediaberigte.

Die volgende vrae ontstaan: Wat moet gedoen word om die nie-volwassene (die opvoeding) moreel te staaf teen aanslae wat immoraliteit direk of indirek bevorder? Wat staan ons, as ouers en onderwysers, te doen om die universele norme, wat vir alle mense moet geld, vir ons kinders te laat voortleef? Hierdie sake word bespreek in hoofstuk 6 van hierdie proefskrif.

⁸ In Die Volksblad van 22 April 1997 lui die hoofopskrif 'Studente verlaat UV-Koshuis weens konflik tussen blanke en swart inwoners'. Die moontlikheid van kultuur- of taalkoshuise, waar groepe met dieselfde taal en kultuur gehuisves kan word, gaan nou by die Vrystaatse Universiteit ondersoek word nadat konflik tussen swart en blanke-inwoners van die Reitz-koshuis ontstaan het (Hayes 1997a:1). Verder het dr. Sibusiso Bengo, Minister van Onderwys (1994 – 1999), op die viering van Vryheidsdag by die opleidingskollege van die Departement van Korrektiewe Dienste in Kroonstad gesê: 'Onderriginstellings dwarsoor die land het plekke van oorlog geword. Talle van dié instellings is vandag sigbare herinneringe van 'n verlede van konflik en verwoesting' (Versluis 1997:4).

⁹ Die RGN het in 1993 bevind dat sodra prostitusie nie meer 'n misdaad is nie, opvoeding oor vigs openliker en met groter sukses geïmplementeer kan word. Gesondheidsowerhede en ander organisasies sal dan ook openlik kan saamwerk om prostitusie te help (Louw 1993:2). Prostitusie word sedertdien erken en vigs-opvoeding is selfs deel van die skoolkurrikulum.

¹⁰ Die oorbesteding van R21 miljoen aan skoolboeke en skryfbehoeftes in die Vrystaatse Onderwys Departement waarvan mnr. Belot, die LUR vir Onderwys in die Vrystaat, (1994 – 1999) deeglik bewus was maar nogtans goedgekeur het, dien as enkele voorbeeld van korrupsie (Khoali moet gaan 1997:6).

¹¹ Volgens statistieke staan Suid-Afrika (wat moord betref) derde in die wêreldry, met Colombia en die Bahamas 'n kortkop voor. Plaaslik word sowat 45 uit 100 000 mense jaarliks vermoor. Die ooreenstemmende internasionale syfer is 5,5 mense per 100 000 (Derde meeste moorde in SA 1997:7).

¹² Volgens mnr. Sinclair, Noord-Kaapse NP-LW en lid van die staande komitee vir Finansies (1994) kan die behoefte aan dobbelgeriewe in Suid-Afrika nie ontken word nie en 'n voorstel dat 'n dobbel-casino op Naval-Hill ('n natuurbate van die Vrystaat) moontlik opgerig kan word is deur die Bloemfonteinse stadsraad aanvaar (Coetzee 1997:2).

1.2 MOTIVERING VIR DIE STUDIE

Die krisis¹³ in die onderwys is reeds lankal sigbaar. Ondanks wetgewing wat raamwerke vir 'n nuwe onderwysstelsel¹⁴ verskaf, ontstaan 'n klimaat van onsekere afwagting by ouers en onderwysers¹⁵ omdat dit wat voorlê nog grootliks onseker is. Omdat niemand weet wat presies gaan gebeur nie, is verwagtinge wyd uiteenlopend. Sommige het gemeen dat daar uiteindelik slegs enkele kosmetiese aanpassings sal wees wat hulle sal kan 'bestuur' terwyl andere, tereg van opinie was dat 'n totale omwenteling sou intree (Van der Wateren 1994:7). Ideologiese gronde wat die veranderings onderlê asook die ideologiese beginsels (kyk afdeling 1.8) waarop die opvoeding (en derhalwe ook die onderwys) geskoei behoort te word, word dikwels agterweë gelaat.

Die Suid-Afrikaanse samelewing word alreeds vir 'n aantal jare gekenmerk deur pogings om die opvoeding en onderwys te (ver)politiseer en kollektief teen die gevestigde onderwysstelsel (wat histories ontwikkel en beslag gekry het) te verset en selfs rewolusionêr te verander (Delancey 1988:1–8; Marais 1988:14–15, 39, 59, 105–110).

¹³ 'n Krisis impliseer dat die mens onafwendbare beslissings sal moet neem ten einde sinvol op te tree. Volgens die skrywer kan verantwoordbare beslissings slegs geneem word indien dit ideologies verantwoordbaar is en op verantwoordbare universele norme, wat vir almal behoort te geld, gegrond is.

¹⁴ 'n Relatief nuwe toevoeging tot die onderwys raamwerk is natuurlik Kurrikulum 2005. Volgens 'Lifelong learning for the 21st century' moet die nuwe onderwys- en opleidingsinstansies mens-gesentreerd wees. Die kurrikulum sal deur ouers, onderwysers, onderwysinstansies en leerlinge bepaal word. Dit beteken dat die kurrikulum van plek tot plek en van gemeenskap tot gemeenskap sal verskil. Evaluering, volgens 'Outcomes Based Education (OBE)-system' beteken dat '[t]he learner's progress is measured against these outcomes rather than against his/her performance. For this reason, there will be no passing or failing. Learners who do not meet the criteria for attaining a standard can apply for re-assessment. The learner will decide when he/she is ready for assessment'. (DoE 1997:2,11,19.) Kortliks kom dit daarop neer dat kinders van uiteenlopende ouderdomme in dieselfde klassituasie sal wees. 'n Verdere mikpunt in die onderwys is om teen die jaar 2000 aan 'n miljoen ongeletterde volwassenes in Suid-Afrika basiese onderwys en opleiding te gee (Plan bekend vir volwasse onderrig 1997:6).

¹⁵ Wat onderwysers veral bekommer is media berigte soos die volgende: '[k]walifikasies gaan al hoe minder in aanstellings van die Departement van Onderwys (DO) tel, en blankes gaan dit al hoe moeiliker vind om daar aangestel en bevorder te word (Kwalifikasies tel al hoe minder in die onderwys 1997:1); 'SA onderwysers se poste dalk nie meer beskerm nie' (De Bruin 1997a:7); '[g]eld vir onderwyssalarisse net genoeg tot einde 1997' (Nieman 1997:1); '[l]eerkrigte in SA 50 000 te veel. Sal dalk afbetaal moet word, sê Bengu' (De Bruin 1997b:1); '[s]ó sal Kommunisme in SA skole 'gepropageer' word'. Laasgenoemde berig verwys na die moontlike invoer van Kubaanse onderwysers om te help met die onderrig van Wiskunde en Wetenskap in die skole (Gunning 1997:10).

Die krisis in die skoolonderwys word gekenmerk deur die politieke betrokkenheid van verskillende belanghebbendes wat die skoolonderwys gebruik of misbruik om politieke steun te mobiliseer en/of politieke prosesse te ondersteun (Gunning 1997:9). Hierdie beïnvloeding van die skoolonderwys deur verskillende politieke faksies, organisasies en instellings, elkeen met 'n eie gekompromiteerdheid ten opsigte van spesifieke ideologiese standpuntstellings en politieke filosofieë, is hoofsaaklik verantwoordelik vir die onderwyskrisis (Morrow 1988:245–249; De Jager & Bischoff 1983:46; Marais 1988:146; Dostal 1988:78–79).

Konflik georiënteerde gedrag in die vorm van oproer, stakings, brandstigting, skoolboikotte en boewery is kenmerkend van 'n hoogs ontvlambare kontemporêre onderwystoneel (Versluis 1997:4). Skoolonderwys word aangewend vir die vestiging van bepaalde politieke persepsies en vir die realisering of handhawing van bepaalde politieke ideale. Politiek-maatskaplike oogmerke, van veral radikales, gekoppel met grootskaalse ontevredenheid oor onderwysaangeleenthede, noep die huidige monopolitiese onderwysmaghebbers om van hulle mag oor onderwys afstand te doen of dit minstens met almal te deel (Die Afrikaner 1997:6).

Ons kinders word gekonfronteer deur die lewenswaardes van die ideologie van die sogenaamde Nuwe Wêreldorde (NWO)¹⁶ (kyk New Age in hoofstuk 5) wat volgens Van der Wateren (1994:9) reeds in Suid-Afrika posgevat het en nou die grondbeginsel van die onderwys word.

Die bedreiging van die NWO kom in wese neer op die identiteitsvorming van die mens (derhalwe ook die kind) tot 'n algemene wêreldbürger, 'n individu in die groot geheel, 'n rat in die wêreldmasjien.¹⁷ Aan die een kant word individualiteit sterk beklemtoon: daarom het die mens menseregte. Tog is sy regte slegs geldig mits hy bruikbaar is as wêreldbürger. As massamens moet die individu in die groot geheel (die wêreld) kan funksioneer en slegs daarin vind hy sy vryheid (Van der Wateren 1994:9).

Die jeug in die hedendaagse samelewing word voortdurend blootgestel aan 'n verskeidenheid ideologieë en lewenswyses. In hierdie verband kan veral aan die rol van die massamedia gedink word. Die appél wat hierdie ideologieë, veral die NOW as humanistiese ideologie (kyk afdeling 5.7) en lewenswyses tot die jeug rig, gee aanleiding tot sedelike vertwyfeling en verwarring (Woodbridge 1988:30). Die aanvaarding van 'n verskeidenheid lewensstyle binne die oop, sekulêre gemeenskap (en derhalwe ook in die skool) lei voorts maklik tot aanvaarding van morele relativisme wat impliseer dat daar nie sprake is van universele norme nie (Hirst 1974:3–4). Die snelveranderende aard van die samelewing as

¹⁶ Die Nuwe Wêreldorde is sinoniem met die New Age.

¹⁷ Die skepping van 'n algemene wêreldbürger dui op die begrip sekularisasie (kyk voetnota 4).

sodanig stimuleer hierdie neiging tot morele relativisme omdat die hedendaagse mens as gevolg van die klem wat op verandering geplaas word, weier om norme as absoluut en onveranderbaar te beskou en hulle waardes daarvolgens te rig (Woodbridge 1988:9; kyk ook afdeling 1.7).

Die leefwêreld van die mens word altyd aan die hand van bepaalde waardes gestig, wat óf in lyn is met norme wat universeel verantwoordbaar is óf daarteen kies. Aan die hand van die erkenning of negering van universeel geldige of universeel verantwoordbare norme kom die mens se *dasein*¹⁸ tot uitdrukking. As eksisterende wese moet die mens dus voortdurend kies. Ook die keuse vir of teen God moet gemaak word – die antwoord hang af van die feit of die mens sy geborgenheid as gawe en opgawe gevind het en as geleentheid tot sinvinding en sinontvouting aangegryp het, al dan nie (Steyn 1991:13).

Reeds in 1971 het Kotze (1971:4) gemeld dat die moderne jeug 'n ontsettende gemoedsverwarring vanweë

... 'n leegheid na binne, 'n gebroke kontak met andere na buite en 'n gebrek aan dialoog na bowe het.

Die wêreld van vandag is vir die hedendaagse jeug 'n krisisveld vanweë die feit dat die jeugdige hom- of haarself voortdurend in die situasie bevind waar nie-sedelike waardes en lewenswyses in stryd is met universeel verantwoordbare sedelike norme en lewenswyses. In dié antitese kan die jeug óf weerloos gelaat word óf tot weerbaarheid gelei word. Wat die mens voorheen geglo het en as reg aanvaar het, word tans uit alle oorde betwyfel. Die gevolg is dat ouers, kinders en opvoedkundiges in 'n toenemende mate negatief en verward raak insake die waarde van universeel verantwoordbare norme met die gevolg dat opvoeding nadelig beïnvloed kan word. Die kind word die slagoffer van angs, neerslagtigheid, aggressie, negatiwiteit, 'n swak selfbeeld en geloofonsekerheid (Onderwysnuusflitse 1979:5). Dit laat weereens die vraag ontstaan na die invloed wat ideologieë deur die eeue op die waarde wat toegedig is aan universele norme van die samelewing gehad het. Wanneer dié vraag beantwoord kan word, kan daar gekyk word na riglyne wat geskoei is op ideologieë wat outentieke opvoedingsteun kan verskaf.

¹⁸ Die term *Dasein* dui daarop dat die mens geen geïsoleerde wese is nie, daarom is eksistensie en *dasein* werklik essensieel sinonieme. Die mens is 'n wese wat weet dat hy op verskillende wyses in/aan die wêreld verteenwoordig is. Die mens word beskou as onvoltooid; hy is nooit nie maar word altyd. Eksistensie is dus nie 'n statiese, selfgenoegsame toestand nie, dit is 'n beweging, voortdurende selfverwesenliking tot by die sterwensuur. 'Omdat die mens voortdurend in die beslissing staan, is hy altyd onvoltooid, 'n lewende moontlikheid, oop na die toekoms; in die herhaalde keuse van nuwe bestaansmoontlikhede gryp hy steeds vooruit; hy bepaal deur sy eie, vrye keuse wat hy in die toekoms sal wees' (Du Plooy et al. 1985:244).

1.3 DOELSTELLING EN PROBLEEMSTELLING

Voortvloeiend uit die voorafgaande is die doel met die onderhawige studie om perspektief te verkry op die verskillende ideologieë sedert die Renaissance-Humanisme wat die opvoeding ten aansien van óf die erkenning óf die negering van algemeen geldende of universeel verantwoordbare norme aan die hand van sekere waardes beïnvloed het. Tweedens wil die navorser 'krisistyd' van die onderwys sigself in verband bring met sodanige ideologieë.

Die volgende sleutelvrae dien as probleemstelling vir hierdie proefskrif:

- Watter ideologieë het sedert die sewentiende eeu die waardes in die onderwys beïnvloed?
- Watter waardes van die ideologieë ondersteun universeel verantwoordbare norme en watter waardes negeer die norme wat universeelgeldend behoort te wees?
- Watter gevolgtrekkings kan gemaak word aangaande ideologieë, lewens- en wêreldbeskouing, kultuur, waardes en norme?
- Watter bydrae kan die Christelike opvoeder lewer om die jeug van die toekoms bewus te maak van algemeen geldende norme en hoe kan dit in hul lewensmondering vasgelê word?

1.4 NAVORSINGSBENADERINGS EN NAVORSINGSMETODE

Om enige histories-opvoedkundige tema met al sy implikasies op 'n verantwoordbare en verantwoordelike wyse aan die orde te stel, is 'n wetenskaplike benadering(s) 'n voorvereiste. Die benadering(s) vind meer konkrete vergestaltung in die implementering van die histories-opvoedkundige metode. Vir die doel van hierdie studie is daar van die volgende benaderings en metode gebruik gemaak:

1.4.1 NAVORSINGSBENADERINGS

Vervolgens word vier navorsingsbenaderings bespreek wat nou verband hou met dié studie.

1.4.1.1 DIE METABLETIESE BENADERINGSWYSE

Die metabletiese benaderingswyse lê veral klem op die geleidelike omstandigheidsverandering waarin die opvoeding geskied. Daar word gepoog om die opvoedingsgebeure as menslike gebeure in die tyd te begryp. Langs die weg van omstandigheidsverandering word gesoek na hoekstene wat ook die wetenskaplike struktuur van die hedendaagse pedagogiek kan stut (Van Rensburg & Landman 1984:99).

Aangesien die mens 'n historiese wese is, is dit vanselfsprekend dat hy met verloop van tyd veranderinge ten opsigte van sy denke, sienswyses en doelstellings sal ondergaan (Van Rensburg & Landman 1984:99). Veranderinge wat in die opvoedingsverlede plaasgevind het, asook die tempo waarteen veranderinge plaasgevind het, was in sommige gevalle groot en in ander gevalle gering. Verandering is altyd iets onbeproof en daarom het opvoedingsdoelstellings en -probleme in die verlede baie stadig verander (Venter 1985:108; Van den Berg 1968:105).

Dit is die taak van die navorser om te let op die veranderinge wat daar met betrekking tot waardes in die opvoeding ingetree het en gevolglik die erkenning of negering van universeel verantwoordbare norme sedert die Renaissance-Humanisme. Die vertrekpunt van hierdie studie is gevolglik uit die eietydse opvoedingsprobleemveld geneem naamlik, die verwarring met betrekking tot waardes. Hiermee word bedoel dat die navorser die werklikheids-, mens- en waardebeskouing van die gekose eksemplare navorsers ten einde deeglike toekomsriglyne ten aansien van universeel verantwoordbare norme asook waardes vir die opvoeding daar te stel. Verder word daar gelet op die feit dat verandering en vernuwing inherent deel van die wese van enige ideologie is (Pretorius 1985:7).

1.4.1.2 DIE FENOMENOLOGIESE BENADERINGSWYSE

Die fenomenologiese hou besondere toepassingsmoontlikhede vir die Historiese Opvoedkunde in (Venter 1985:139). Die Amerikaanse geleerde, J.Gordon Chamberlain skryf in dié verband:

Phenomenology offers educators a fresh way to view their field ... Traditionally educators have assumed that one first works out or adopts a philosophical position and then proceeds to discern its implications for education. A phenomenological approach challenges that deductive procedure. Its method draws educators to look first at the thing itself in careful reflection on the meaning for education (Chamberlain 1974:119.)

C.F.G.Gunter (1969:22) postuleer op sy beurt:

Fenomenologie is, formeel gesproke, die metodiese openbaarmaking van die gegewene (fenomeen of verskynsel) soos dit as gegewene in sigself openbaar is. Dit is die metode wat die fenomene wil laat sien soos hulle hulself laat sien; die metode waarvolgens dit wat sigself toon, sigbaar gemaak word, en wel op so 'n wyse dat dit sigself toon soos dit in sigself is; die metode wat tot die saak self (d.i. die fenomeen) wil teruggaan en dit wil beskryf soos dit sigself sou wil laat beskryf.

Dit kom dus daarop neer dat die fenomenologie 'n kenhouding is waarvolgens die navorser sy eie beskouings, sy vooroordele, sy lewens- en wêreldbeskouing, alle voorveronderstellings en toevallighede tussen hakies plaas sodat dit latent is, sodat die fenomeen of verskynsel as oorspronklike gegewe onbelemmerd tot die navorser kan spreek (Gunter 1969:22).

Met behulp van die fenomenologiese benaderingswyse is die navorser in staat gestel om die waardes van ideologieë wat in die opvoedingsverlede geldig was, so objektief moontlik te benader. Met behulp van

die fenomenologiese benadering is daar voorts getrag om op wetenskaplike wyse wesenskenmerke van ideologieë bloot te lê. Die waardes is daarna beoordeel aan die hand van algemeen geldende of verantwoordbare norme wat deur vroeë fenomenologiese studies geïdentifiseer is. In hierdie verband word die leser verwys na Addendum A waar pedagogiese strukture en essensies beskryf word wat in die kritiese waardering van waardes sedert die Renaissance-Humanisme gevind word. Die fenomenologiese benaderingswyse akkomodeer, volgens hierdie navorser, haar Christelike oortuigings.

1.4.1.3 DIE CHRISTELIKE BENADERINGSWYSE

Die Calvinistiese ondersoeker gaan van die standpunt uit dat God-drie-enig

die Algenoegsame, Selfgenoegsame, Absolute Skepper en Onderhouer van die ganse kosmiese realiteit is en dat Hy nooit deur die ondersoek tot objek gemaak kan word nie (Venter 1985:187).

Hoewel die Bybel as die oerbron van die waarheid beskou word, moet die verkryging van waarheid, kennis en insig – vir sover dit vir die mens met sy verduisterde verstand moontlik is – tog ook in die ondersoek van die skepping, en wel in sy verlede-, hede- en toekomsaspek, nagestreef word (Venter 1985:187).

Volgens die Christelike beskouing aangaande die opvoeding moet die kind opgevoed word tot gehoorsaamheid en eerbetoon aan God. As kind van die Almagtige is die mens draer van die hoogste waardigheid en hoewel hy deur sonde geskend is, is hy deur Christus in sy volle oorspronklike goedheid herstel en dus in elke aspek van die lewe aanvaarbaar.

Dit is belangrik om daarop te let dat God die Skepper van alles is en omdat Sy gedagtes absoluut ordelik is, heers daar 'n goddelike eenheid in die verskeidenheid en veelvuldigheid (Coetzee 1983:108). Indien die mens alleen van nader beskou word, vind ons 'n gemeenskaplike menswees tussen al die verskillende rasse, volke en nasies op die aarde. Nogtans vind ons 'n groot verskeidenheid van mense – selfs binne dieselfde ras. Selfs die natuurwette het 'n gemeenskaplike grondslag omdat alles hulle oorsprong en bestaan in die plan en wilsbesluit van die Skepper vind.

Met behulp van die Christelike benaderingswyse kon die navorser die waardes van die verskillende ideologieë wat in die verlede geldig was, so objektief moontlik benader. Die waardes is daarna krities beskou aan hand van die waardes wat deur die Bybel voorgelê word.

1.4.1.4 DIE PERSONALE BENADERINGSWYSE

Die personale benaderingswyse speel 'n beduidende rol in die Historiese Opvoedkunde omdat dit in die laaste instansie die groot historiese persoonlikheid, die skeppende individu, die oorspronklike denker, die pedagogiese genie is deur wie die opvoedkundige wording en ontwikkeling in die verlede

gestimuleer en gedra is (Venter 1985:148). Hieraan voeg die historiese denker G.J. Renier (1961:240–243) toe:

We cannot exclude the human individual from history. He matters, he exercises social influence ... he cannot be ignored, because there are things that are not achieved by masses ... he is the servant of progress ... and exercises a fruitful and lasting influence upon the course of events ... Most successful among outsize men is he who reads the signs of the age, who distinguishes lasting from passing factors, who notices the advent of the appointed time. He is ... the key that fits the lock.

Al die historiese figure, tot watter groep hul ookal behoort het, was draers van 'n bo-persoonlike ideële mag waardeur hulle in die historiese verband ingetree het. Hierdie persoonlike mag is gesteun deur die heersende wêreld- en waardebeskouing waardeur die doel van die opvoeding bepaal is en wat beskou kon word as die idee van die goeie in sy historiesebepaalde gedaante; van hierdie idee het die werksaamheid en bemoeiinge van die individuele denkers hul inhoud ontvang (Venter 1985:151).

Die personale benaderingswyse het die navorser in staat gestel om 'n dieper begrip van die metabletiese wording van mensheid in die algemeen en selfs die hedendaagse kind in die besonder, te bekom. Die bestudering van die geskifte van onder meer Rabelais, Vives, Milton, De Montaigne, Comenius, Rousseau, Marx en Lenin se opvoedingsdenke en -praktyke het die navorser gelei tot die oopdekking van die waardes vanaf die vyftiende eeu.

1.4.1.5 DIE PROBLEEM-HISTORIESE BENADERINGSWYSE

Die ervaring het geleer dat die historiese opvoedingswerklikheid eers waarlik geken kan word indien die mens doelgerigte vrae (kyk afdeling 1.3) daarvoor begin stel en wel vrae wat op die hede en die toekoms betrekking het. Verder maak hierdie benadering die historiese opvoedkundige nie net bewus van die dimensie en die kontinuïteit van sy tema nie, maar open dit wyer perspektiewe vir die navorser (Venter 1985:170–171; Coetzer 1983:5).

1.4.2 DIE PROBLEEM-HISTORIESE METODE

Die metode wat verband hou met die probleem-historiese benaderingswyse, naamlik die historiese-opvoedkundige metode word in hierdie proefskrif gevolg. Die historiese opvoedkundige rig sy probleemhistoriese vraagstelling op pedagogiese probleme, terwyl die geskiedkundige vra na die waarde van historiese fiksering en die begeleidende omstandigede ondersoek. Daar word deur eersgenoemde nie gepoog om vas te stel wat individue in die hede oor die opvoedingsverlede gedink of gesê het nie. Die historiese opvoedkundige vra na aanleiding van dit wat gesê, gedink of geskryf is, hoe 'die waarheid van die dinge' daar uitsien (Venter 1985:169).

In die histories-opvoedkundige metode kan die volgende formele stappe of fases onderskei word:

- i) die keuse en afbakening van 'n onderwerp,
- ii) ondersoek van die tema (probleem) in die hede (ter oriëntering),
- iii) die formulering van 'n hipotese (indien nodig),
- iv) ondersoek van die tema (en/of probleem) in die opvoedingsverlede,
- v) die kritiese beoordeling van gegewens,
- vi) interpretasie van gegewens en skryf van die verslag.

Met behulp van die probleem-historiese benaderingswysse kon die navorser na die identifisering van die verwarring met betrekking tot uiteenlopende hedendaagse waardes, die verlede wetenskaplik bevraagteken; feite selekteer, aannames verifieer en uiteindelik evalueer ten einde meer lig op die problematiese kontemporêre situasie te werp en riglyne vir die toekoms neer te lê. Hierdie benadering het tot gevolg gehad dat die besondere noue band tussen die hede, verlede en toekoms blootgelê kon word en dit het die navorser in staat gestel om uiteindelik tot 'n sinvolle sintese te kom.

Daar is deur die navorser gepoog om nie bloot net vas te stel wat individue in die opvoedingsverlede gesê, gedink of geskryf het nie, maar ook om vas te stel watter pedagogiese of onpedagogiese waardes daarin vervat is. Metodies het die navorser soos volg te werk gegaan: Eerstens is daar kortliks verwys na die lewens- en wêreldbeskouings van besondere ideologieë in bepaalde tydperke en watter invloed hulle op die opvoeding gehad het. Daar is ook kortliks gelet op enkele groot filosowe wat dié betrokke ideologie nagevolg het en hoe hulle die opvoeding wou verander. Verder het die navorser ook gepoog om tot 'n sinvolle evaluering van elke ideologie aan die hand van universele verantwoordbare norme te kom, wat as kriteria aangewend is.

Die kritiese beoordeling van gegewens het die navorser genoop om die primêre en sekondêre histories-opvoedkundige bronne krities te bestudeer en om krities te dink. Die navorser het derhalwe ook van eksterne en interne kritiek gebruik gemaak. Eksterne kritiek is toegepas om die outentisiteit of egtheid van alle bronnemateriaal te toets, terwyl daar deur interne kritiek bepaal is of die gegewens self betroubaar en aanvaarbaar is. Ten slotte is die geordende feitemateriaal geïnterpreteer en is tot die gevolgtrekkinge en finale bevindinge gekom (Gottschalk 1920:27–28, 48–57).

1.5 AFBAKENING VAN DIE STUDIEVELD

Om die navorsing georden en gesistematiseer aan te bied, kan die verloop van die studie soos volg geklassifiseer word: In hoofstuk een word sleutelbegrippe soos waardes, norme, lewensbeskouing en ideologie aan die orde gestel. In hoofstuk twee word gefokus op die opvoedingswaardes vanaf die vyftiende tot agtiende eeu. Daar word aandag gegee aan die invloed van hoofsaaklik die humanistiese ideologie waaruit die Realisme, Rasionalisme en Naturalisme voortspruit. Kortliks word daar gewys op

wat elk van hierdie ideologieë behels, asook watter implikasies hul vir die opvoeding gehad het. Persoonlikhede wat gedurende hierdie tydperke 'n belangrike rol in die opvoeding gespeel het, word as voorbeelde behandel. Die opvoedingswaardes wat tydens die vermelde tydperk aangehang is, word ook beoordeel ten opsigte van universele norme wat vir alle opvoeding behoort te geld.

In hoofstuk drie word aandag aan die Kommunistiese ideologie geskenk. Daar word nie net aandag geskenk aan die grondslag van dié ideologie nie, maar word ook aan People's Education aandag gegee, wat gemik is op gelykheid in die onderwys ongeag ras, kleur of geloof.

In hoofstuk vier word aan die bakermat van die Christelike opvoeding, naamlik die Calvinistiese opvoeding, aandag geskenk. Kortliks word daar gelet op die lewensuitkyk van die Calvinisme en Christelike Nasionale Onderwys in Suid-Afrika word as 'n eksemplaar van hierdie ideologie behandel. In hoofstuk vyf word daar gelet op die invloed wat die New Age beweging op die opvoeding en die onderwys het asook bekendstelling van kurrikulum 2005.

Ten slotte word daar in hoofstuk ses in besonder gelet watter rol ideologieë reg deur die opvoedingsgeskiedenis gespeel het en hoe die waardes van hierdie ideologieë, wat beoordeel word aan die hand van universele norme, opvoeding kan beïnvloed en wat Christelike opvoeders te doen staan om weerstand te kan bied teen die aanslae van buite.

1.6 VERKLARING VAN SLEUTELBEGRIPPE

1.6.1 INLEIDING

Een van die onderskeidende kenmerke van die mens is dat hy doelbewus en doelgerig optree en opvoed ten einde sinneloosheid teë te werk. Algemeen word aanvaar dat die doel van opvoeding die begeleiding van die kind na volwassenheid is deur middel van simpatieke gesagsleiding. Dit veronderstel dat die kind nie alleen na die volwassewêreld gelei moet word nie, maar dat hy ook in die volwassewêreld ingelei moet word. Die volwassewêreld is niks anders nie as 'n kultuurwêreld met betekenis, waardes en norme soos 'n mens dit oor geslagte heen geskep het (De Vries 1985:129).

Binne verskillende kultuurgemeenskappe word telkens partikuliere eise aan volwassenheid, in ooreenstemming met 'n eie geskiedenis, eie nasionale ideale en geldende gemeenskapsnorme gestel. Opvoeding is dus 'n partikuliere aangeleentheid waarbinne volwassenheid vanuit 'n bepaalde lewens- en wêreldbeskouing geïnterpreteer word (De Vries 1985:129).

Nogtans is die hedendaagse neiging in die Westerse wêreld om 'n sogenaamde neutrale onderwys of opvoeding voor te staan¹⁹. Neutrale onderwys²⁰ bestaan egter nie. Dit is 'n feit dat waar opgevoed en onderwys gegee word, dit met 'n bepaalde doel voor oë gedoen word. Die opvoedingverskynsel self getuig dat dit 'n doelbewuste, doelgerigte en opsetlike werksaamheid is. Die feit dat dit so is, dui daarop dat doelgerigtheid in die opvoeding en onderwys noodsaaklik is. So byvoorbeeld, konstateer Peters (in Gunter 1965:74):

I suppose the conviction that an educator must have aims is generated by the concept of 'education' itself; for it is a concept that has a standard or norm, as it were built into it. To speak of 'education', even in contexts quite remote from that of the class-room[sic.], is to commit oneself, by implication, to a judgement of value.

Daar is geen ware opvoeding moontlik en denkbaar sonder die rigtinggewende en steunende krag van 'n lewensbeskouing nie en daarom is dit nodig om die begrip lewensbeskouing verder te verklaar.

1.6.2 DIE BEGRIP LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING

'n Lewensbeskouing is 'n partikuliere aangeleentheid wat besondere rigting aan die opvoedingsgebeure of pedagogiese gebeure op sowel 'n voorwetenskaplike²¹ as nawetenskaplike²² vlak gee. Die lewensbeskouing van die mens is die som van die partikuliere behoortlikheidseise (norme) waaraan hy gehoorsaamheid moet toon. Die verwerwing van 'n lewensbeskouing het egter 'n historiese verloop. Daarom kan beweer word dat die verwerwing van 'n lewensbeskouing dinamies is, dat dit nooit voltooi kan word nie, dat dit moeilik bestendig word en dat die mens sy hele lewe daaraan werk. In die gang

¹⁹ Vergelyk hier New Age in Hoofstuk 5.

²⁰ Elke mens huldig, of hy wil of nie, die een of ander wêreldbeskouing en in ooreenstemming daarmee die een of ander lewensbeskouing. Die opvoedkundige, H. Bingle (1978:85) wys daarop dat opvoeding sonder 'n lewens- en wêreldbeskouing onmoontlik is en dat die finale antwoorde van alle opvoedingsvrae gegee kan word op grond van 'n bepaalde ideologie.

²¹ Elke mens doen van kleins af 'n groot hoeveelheid ervaringskennis op. Hy kan dinge hanteer omdat hy dit deur ervaring leer ken. Deur sy ervaringskennis in herinnering te roep, kan hy sy toekomstige handeling vooraf beplan. Ervaringskennis bly egter 'n ongesistematiseerde wete en staan bekend as voorwetenskaplike kennis (Van Rensburg & Landman 1984:190).

²² Die begrip nawetenskaplik is die onderskeidende kenmerk vir dit wat die pedagoog in die praktyk doen met die kennis wat vir hom wetenskaplik deur die pedagogieker geformuleer is. Dit gaan daarom dat wetenskaplike kennis in die praktykbeplanning gebruik word om die opvoedingsdoel te bereik en die opvoedingstaak met groter verantwoordelikheid te verrig (Van Rensburg & Landman 1984:106).

van sy bestaan verwerf die kind sy lewensbeskouing by en met ander mense²³ en onder hulle invloed (Van Rensburg & Landman 1984:92).

Sommige gesaghebbendes wil slegs van 'n lewensbeskouing praat en nie ook nog 'n wêreldbeskouing daaraan koppel nie. Myns insiens behoort al twee egter in hul onverbreeklike verbondenheid saamgevat te word: Aan die een kant leef die mens in die wêreld en speel hy of sy hul rol in die wêreld en hy of sy vind juis in die wêreld wat hul te doen staan. Sonder 'n wêreldbeskouing hang 'n partikuliere lewensbeskouing met sy behoorlikheidseise in die lug en verloor dit die basis vir sy praktiese inslag.

Die betekenis van 'n lewens- en wêreldbeskouing blyk onder andere uit die volgende drie stelling:

- Aan alles wat die mens doen en laat, vorm 'n lewens- en wêreldbeskouing die grondslag.
- In 'n lewens- en wêreldbeskouing laat die diepste dryfvere en beweegredes van 'n mens se doen en late hulle geld.
- 'n Lewens- en wêreldbeskouing gee uitdrukking aan die eintlike en diepste sin wat die werklikheid (en dit sluit in die wêreld, die mens se bestaan en sy lewe) vir die mens het (Stoker 1967:13).

'n Lewens- en wêreldbeskouing is wesenlik menslik. Dit veronderstel dat die mens (in sy verhouding tot God, mens en wêreld) toerekenbaar staan onder die outoriteit van behoorlikheidseise. Daarom is hy verantwoordelik en kan daar van hom verantwoording geëis word.

Die mens is nie net individu nie, maar 'n individueel-sosiale wese wat op diverse maniere innig en innerlik met die samelewing verbind is. Juis as 'gemeenskapsweise'²⁴ vorm hy sy lewens- en wêreldbeskouing. Dit ontstaan en ontwikkel in 'n gemeenskap met sy gemeenskaplike taakstellings, ervarings, lotgevalle en aspirasies en gee uitdrukking aan 'n 'gemeenskapsgees' wat wortel in religieuse grondmotiewe²⁵. Dit word tuis, op skool, in die kerk, in die maatskappy en van geslag tot geslag oorgedra. Kenmerkend van 'n lewens- en wêreldbeskouing is dan ook sy sosiale aard, hoe dit ook al met nuwe ervarings en lotgevalle en deur bevindinge van leidende instansies telkens verder ontwikkel,

²³Die belangrikste 'ander mense' waarna verwys word is die opvoeders wat deur hul lewensbeskouing gedwing word om die nog-nie-volwasse nes met daardie waardes en norme, wat inherent is aan die lewensbeskouing, te konfronteer.

²⁴'Gemeenskap' word hier in 'n ruimer betekenis, naamlik as 'samelewing' gebruik.

²⁵Tereg het H. Dooyeweerd (in Stoker 1967:14) aangetoon dat religieuse grondmotiewe die lewens- en wêreldbeskouing ten grondslag lê en dat hulle in en deur 'n gemeenskap gevorm word en funksioneer.

uitgebou en gewysig mag word en hoe individuele oortuigings van mense daarvan mag verskil (Stoker 1967:14).

Daarom is dit so belangrik dat die verskillende gemeenskapskringe waarin die mens beweeg dieselfde lewens- en wêreldbeskouing moet dra, anders lei dit tot gespletenheid.

Die lewens- en wêreldbeskouing word ook gedra deur 'n spesifieke gemeenskapsgees wat die stempel dra van 'n spesifieke familie, kerk, volk, kultuurgroep of maatskaplike groep. Derhalwe assosieer mense met ander gelykdenkendes wat dieselfde lewens- en wêreldbeskouing huldig.

'n Wêreld- en lewensbeskouing is volgens die wysgeer, H.J.J. Bingle (1978:85):

...[’n] beskouing oor die herkoms, wese, struktuur, doel en bestemming van die mens en die heelal, waardes waaraan voorkeur gegee word, norme wat vir sedelike goeie gedragswyses aangewend word, en die wese van kennis en waarheid.

De Klerk, Duvenhage & van Wyk (1973:11), vat die betekenis van 'n lewens- en wêreldbeskouing saam as hul sê:

'n [Wêreld- en] lewensbeskouing is fundamentele oortuigings ten opsigte van die hele werklikheid, soos bepaal deur 'n religieuse grondmotief; dit ontwikkel deur die gemeenskap in progressiewe tradisiegebondenheid.

Vir Coetzee (1940:5), die bekende opvoedkundige, is 'lewensbeskouing' en 'opvoeding' nou aan mekaar verbonde. Hy verklaar onomwonde:

'n Mens se beskouing oor die lewe bepaal ook sy beskouing oor die opvoeding. Daar is innige en noodwendige verband tussen die lewensbeskouing wat die mens huldig en die opvoeding wat hy vir homself en sy kinders verlang.

Binne die verband van 'n lewens- en wêreldbeskouing is ook opvoeding vir die twee Suid-Afrikaanse opvoedkundiges, Van der Stoep en Louw:

... 'n gebeure, belewing, ervaring, ontmoeting en 'n getuienis van die verhouding tussen die generasies waartydens die ouer geslag arbei aan die jonger geslag aan die hand van die lewensinhoud wat deur die ouers as waardevol, geldig, vormend, ensovoorts, beskou word (Pretorius 1985:25).

Vir bovermelde outeurs is dit belangrik om daarop te let dat die lewens- en wêreldbeskouing in werklikheid die inhoudelike van die opvoeding is. Aangesien 'n ideologie 'n lewens- en wêreldbeskouing ten grondslag lê, bepaal 'n ideologie (kyk afdeling 1.8) in werklikheid die inhoudelike van die opvoeding, aldus Du Plooy, Griesel & Oberholzer (Du Plooy, Griesel & Oberholzer 1985:326–327).

Ook vir Erasmus (1967:701–703) is die lewens- en wêreldbeskouing 'n praktiese en ideologiese aangeleentheid wat die grondslag van opvoeding sisteme vorm aan die hand waarvan die leerinhoudelike spreek. Daarom is die opvoeding vir hom in wese die indoktrinerings van die lewens- en wêreldbeskouing van die opvoeder en sy gemeenskap, want:

... die kind word bekend gestel met die eise van behoorlikheid en hy word uitgenooi om dit as sy rigsoere te implementeer (Erasmus 1967:701).

Opvoeding wat 'n wêreld- en lewensbeskoulike en dus, soos gewys, ook 'n ideologiese aangeleentheid is, het hoofsaaklik te doen met die oordra en voortleef van betekenis in die kultuurwêreld van die nog-nie-volwassene, om laasgenoemde in staat te stel om 'n greep op die leefwêreld te laat verkry. Dit gaan ook om die aanleë van riglyne aan die hand waarvan die opvoeding moet geskied. Waardes en norme word dus neergelê waarvolgens opvoeding moet plaasvind, sodat die aanvaarding van die waardes en norme deur die kind uiteindelik 'n waardebewussyn by hom tot stand sal bring (Van Zyl 1980:112).

'n Lewens- en wêreldbeskouing het te doen met waardes en norme, want geen mens kan doelloos handel nie. Hy is altyd besig om waardes na te strew, selfs al kan hy dikwels nie bewustelik rekenskap gee van wat daardie waardes presies behels nie. Aan die grond van sy handeling lê altyd waardes en norme soos byvoorbeeld dat 'n ware Christen kies om nie te steel nie want die norme eerlikheid, opregtheid en waardering vir 'n ander sy eiendom lê hom na aan die hart. Die waardes wat 'n mens handhaaf na aanleiding van norme waartoe hy homself verbind het, is die dryfkrag van sy handeling en bepaal watter soort kultuur hy tot stand sal bring.

Dit is duidelik dat die mens in sy gekompliseerde lewenswaardes aan sekere dinge kan toedig en dat nou die een, dan die ander, voorrang sal geniet. Namate hy volwasse word en in 'n ander verhouding tot mense en dinge te staan kom, sal die kind se waardes ook wissel. Daar is dus groter en kleiner waardes: waardes wat lewensbelangrik is en waardes wat minder belangrik is (kyk afdeling 1.7.1).

Elke lewens- en wêreldbeskouing het ook 'n bepaalde godsbeskouing. Die godsbeskouing wat deur verskillende mense gehuldig word, vertoon diepgaande verskille.²⁶ Dit kan wees dat iemand die bestaan van God ontken of onbewus kan wees van sy betrokkenheid op Hom. Nietemin is 'n godsbeskouing (selfs ateïsmes) in een of ander vorm grondliggend aan alle lewens- en wêreldbeskouinge: dit voorsien in die behoefte aan 'n finale sekerheid waarsonder die mens se handeling en sy lewe self sinloos en onseker sou wees.

Die sin van die God-gelowige mens se lewe lê nooit net in die lewe self nie. Dit lê altyd in iets méér as hy, en die diepste sin van sy lewe en van die wêreld lê vir hom in God wat hom en die wêreld nie net gemaak het nie maar met 'n doel en dus sinvol gemaak het. 'n Lewens- en wêreldbeskouing is altyd religieus gefundeer, ook by diegene wat God se bestaan ontken en dus self 'n god moet maak - of word - om dié leegte te vul (Pistorius 1970:107).

Die lewensbeskouing en die wêreldbeskouing veronderstel ook altyd 'n mensbeskouing. In die mensbeskouing word vrae gevra oor die mens se herkoms, sy wese en sy bestemming. Die mens is die wese wat vrae stel, en sy dringendste vraag is nog altyd: 'Wie is ek?' (Pistorius 1970:106). Hierin kom die taak van die skool duidelik na vore want die kind moet op vrae begin antwoord wanneer hy nog nie eens die wêreld daarbuite of homself werklik begryp nie. Hy het dus die hulp van 'n volwassene nodig wat weet watter funksie die lewens- en wêreldbeskouing in die opvoeding vervul en wat die verskillende lewens- en wêreldbeskouinge behels, sodat hy sekere leiding kan bied.

Verder hou 'n lewens- en wêreldbeskouing aldus De Klerk et al. (1973:11–12), verband met oortuigings en wel met die volgende:

- Voorwetenskaplike oortuigings in dié sin dat dit nie gekontroleerde en gesistematiseerde wetenskaplike oordele bevat nie. (Alhoewel veel van dié oortuigings op wetenskaplike basis berus, bly dit oortuigings van die hart wat die hele persoon in beslag neem en waarin geglo word).

²⁶ So byvoorbeeld erken die Pragmatist geen uiteindelijke waarheid en dus ook geen absolute God as bron van dié waarheid nie (Hamm 1981:50). In dié verband sê die eksistensialis: 'Existentialism isn't so atheistic that it wears itself out showing that God doesn't exist. Rather it declares that even if God exist, that would not change anything ... Not that we believe that God exist, but we think that the problem of His existence is not the issue. (Sartre in Hamm 1981:68.) Volgens die Naturalis het die mens deur evolusie op spontane en natuurlike wyse uit die natuur ontstaan en ontwikkel. Hy het geword wat hy tans is deur aanpassing by die natuurwette. Die natuur beheers sy lewe, sy hele bestaan, sy samelewing. Met hierdie oortuiging verwerp die naturalis alles wat bonatuurlik is. Dit is dus in stryd met die aanvaarding van religieuse oortuigings (Van Wyk 1976e:8–9).

- Praktiesgerigte oortuigings in dié sin dat dit gaan om konkrete dinge waarmee ons in elke-dag-se-lewe gekonfronteer word, byvoorbeeld kleredrag, verhouding tussen geslagte en politieke beleid.
- Dinamiese oortuigings in dié sin dat dié oortuigings 'n vormende en drywende krag besit. Dit word voortgestu deur liefde, vertrouwe, diens en gehoorsaamheid.
- Fundamentele oortuigings in dié sin dat dié oortuigings insny in die diepste ek van die mens en dat dit insny in die diepste lae van die werklikheid.
- Alomvattende oortuigings in dié sin dat dit al die terreine van die lewenswerklikheid bevat. Hierdie omvattendheid van 'n lewensbeskouing word gewoonlik saamgevat met drie begrippe: oortuigings in verband met God, die mens en die wêreld.

Dit is egter nie net met oortuigings wat 'n lewens- en wêreldbeskouing verband hou nie maar ook met tradisie en progressie. Die regte verhouding tussen tradisie en progressie is dat die nuwe sowel as die tradisionele getoets moet word aan beginsels wat die toets van die tyd deurstaan het. As hierdie verhouding versteur word tref ons óf tradisionalisme²⁷ of progressiwisme²⁸ in 'n lewens- en wêreldbeskouing aan. Die beginsel bepaal die waardevolle in die tradisie en die waardevolle in die progressie²⁹; die beginsel bepaal wat veranderlik en blywend in die tradisie is en wat blywend en veranderlik in die voortgang is. Tradisie moet uitgebou word en die nuwe wat in elke geslag kan bykom, moet in die waardevolle oue geïntegreer word. Die beginsel wat hier ter sprake is, is vir die Christelike lewensbeskouing die inhoud van die Woord van God (De Klerk et al. 1973:15).

²⁷ Tradisionalisme is 'n lewens- en wêreldbeskouing wat geslote raak vir die eise van die hede en alleen oopstaan vir die verlede, met die sug om die verlede te kontinueer en die verlede tot norm te verhef - dit lei gewoonlik tot steriliteit en verstarring, wat aangedui word met die begrip verkramping (De Klerk et al. 1973:14).

²⁸ Progressiwisme is 'n lewens- en wêreldbeskouing wat geslote raak vir die verlede en alleen oopstaan vir die hede en die toekoms; tradisionele ankers en wegbepalers word ter wille van verandering en vernuwning vervang, sonder gebondenheid aan die beginselverantwoorde tradisie - dit lei gewoonlik tot 'n onstabiele veranderingsug en 'n pragmatisme (De Klerk et al. 1973:15).

²⁹ Dit is noodsaaklik om te onderskei tussen tradisionele bepalings in 'n lewens- en wêreldbeskouing wat onveranderlik is en met progressie telkens aktueel bly, en tradisionele bepalings wat met die historiese proses verouder raak.

1.7 WAT WORD ONDER WAARDES EN NORME VERSTAAN?

Op hierdie vraag kan lang en diepsinnige antwoorde gegee word, maar dit kan eenvoudig vergelyk word met die water waarin 'n vis swem. Net soos 'n vis nooit werklik vis kan wees sonder die broodnodige water waarin dit lewe nie, net so is daar geen sprake van menswees en van outentieke opvoeding sonder universeel geldige norme waarop waardes gebaseer is nie.

Die mens, veral die volwassewordende, is op norme en waardes aangewese om sinvolle betekenis aan sy lewe te gee. Wanneer sekere waardes en norme aan die kind voorgeleef word en hy dit trapsgewys as sy eie aanvaar, vind daar volgens Van Zyl (1980:112), normering plaas. Dit beteken onder andere dat die kind leer om saam met ander te leef en dat hy ook erkenning aan andere, byvoorbeeld die lewe van die opvoeder moet verleen. Hiermee verklaar die kind homself bereidwillig en ook (mede-)verantwoordelik om die waardes en norme te aanvaar.

Erasmus (1967:702) wys in hierdie verband daarop dat opvoeding altyd geskied volgens bepaalde

... norme wat deur bepaalde waardes onderlê word. Tipies pedagogies is dat die opvoeding hom laat lei deur geestelike en intrinsieke waardes.

Volgens hierdie skrywer is universeel geldige norme, wat vir alle opvoeding behoort te geld, egter die basis vir alle waardes – waardes behoort derhalwe onderlê te word deur algemeen geldende norme. Erasmus (1967:702) beweer voorts dat alle denke wat instrumentele (kyk afdeling 1.7.1.1.2) en utiliteitswaardes bo absolute norme stel, as strydig beskou moet word met die wese van opvoeding. Die partikuliere waardes en die rangorde van waardes is dan ook vir hom die taak van die betrokke ideologie en die 'waarderende bewussyn'. Dit is geen teoreties-wetenskaplike aangeleentheid nie.

Dreyer (1973:1) beskou waardes en norme noodsaaklik vir die voortbestaan van die kind as mens, aangesien die kind voortdurend besig is om aan homself en sy wêreld gestalte te gee. Hy stel dit soos volg:

Om as mens te kan bestaan, moet 'n mens waardes en norme hê wat as rigsnoere en meetsnoere dien: Maar 'n mens bestaan slegs as deel van 'n bepaalde gemeenskap, en dit is daardie gemeenskap ... wat sy bepaalde norme en rangorde van norme aan die kind oordra.

Dié in-rangorde-geplaasde waardes (kyk afdeling 1.7.1) en norme vorm uiteindelik ook vir Oberholzer (1954:164) die kern van 'n bepaalde lewensbeskouing en 'n ideologie, waarmee die kind homself gaan identifiseer.

Van Zyl (1975:165) omskryf hierdie stelling soos volg:

Opvoeding is 'n gerigtheid op waardes en waar daar geen waardes is nie, kan daar ook geen opvoeding wees nie.

Met hierdie feit in gedagte kan daar tot die gevolgtrekking gekom word dat waardes en norme rigsgaande is aan die hand waarvan opgevoed word en dat die lewens- en wêreldbeskouing – sodoende die bepaalde ideologie – die inhoud sowel as die rangorde van voorkeur van die waardes en norme bepaal (Du Plooy et al. 1985:156–157, 335).

Hierdie waardes en norme word egter soms deur verskillende volke en ideologieë verskillend geïnterpreteer en daarom is dit noodsaaklik om beide begrippe van naderby te beskou. Uit die volgende gedetailleerde afdelings wat fokus op begripsverheldering ten aansien van die begrippe waardes en norme blyk dit dat norme en waardes dikwels as sinonieme beskou word. Hierdie navorser is egter van mening dat 'n verskil egter wel gemaak kan word: Norme word beskou as dié vasstaande beginsels wat vir alle outentieke opvoeding behoort te geld, terwyl waardes in ooreenstemming daarmee kan wees of dit negeer. Die geïllustreerde idiom 'dit was die norm van daardie tydperk' behoort dus, volgens die navorser eerder te lui: 'dit was die waarde' omdat die waardes wat gedurende sekere tydperk gehuldig is in ooreenstemming met of teenoor norme, wat as universeel geldig beskou word, geposisioneer kan wees – 'Glo soos jy wil,' verteenwoordig derhalwe 'n waarde wat nie as waardevol deur die Christen gelowige beskou word nie, terwyl die norme 'geregtigheid' en 'matigheid', norme verteenwoordig en algemeen geldend behoort te wees vir alle mense van ander gelowe.

1.7.1 DIE BEGRIP WAARDES

Die begrip *waardes* is afgelei van die Latynse woord *valere* (van waarde wees). Dit dui derhalwe op die waarde wat 'n bepaalde saak het. Dit is toegespits op die verhouding tussen 'n mens en 'n objek of die gesindheid wat 'n mens huldig teenoor 'n bepaalde saak (Van Rensburg & Landman 1984:193). Volgens Venter (1985:120–121), dui waardes op sentrale en onderliggende beginsels waaruit alles beoordeel word. Waardes maak deel uit van sowel die formele as informele onderrigstelsel en kom voor op die speelgrond, in sosiale aktiwiteite, die klaskamer asook met interaksie op elke moontlike terrein (Fraenkel 1977:2–3).

Opvoedkundiges toon verskeie sieninge oor die betekenis van die begrip waardes. Ward (1969:6) sien waardes

... as more or less stable patterns around an object.

Volgens Bottery (1990:34) is daar kulturele-, morele en gemeenskapswaardes wat duidelike verskille tussen volke³⁰ en ideologieë³¹ toon.

Verder het waardes betrekking op verskillende aspekte van menswees, aldus Prinsloo (1944:32). So kry ons godsdienstige of sedelike waardes, kenniswaardes, tegniese waardes, estetiese waardes en nasionale waardes. Ten opsigte van elke aspek kan dit wat waardevol is, onderskei word. Volgens Garforth (1985:54) vorm en skaaf waardes die persoonlikheid van elke individu. Elke persoon vind sy vergestaltung in dit wat hy kies en sy optrede weerspieël duidelik sy waardesistiem.

Waardes wat volgens Keleti (1988:71–77) as sedelik beskryf word, kan nie van mekaar geskei word nie. Die oortreding van een waarde lei tot die skade van 'n ander waarde. Die sewe belangrikste waardes is: regverdigheid, matigheid, verstandigheid, standvastigheid, welwillendheid, hoop en geloof waarvan geloof die belangrikste was. Die eerste vier waardes is reeds deur Aristoteles genoem en die laaste drie deur Paulus. Na aanleiding van die onderskeid wat die navorser alreeds getref het tussen norme en waardes, sou die voorafgaande sewe belangrikste waardes eerder norme genoem kan word vanweë hulle dringendheid vir alle outentieke opvoeding.

Fraenkel (1977:6) beskou 'n waarde as 'n idee of 'n konsep wat 'n persoon dink is belangrik in sy of haar lewe:

... [ideas] worth having, worth doing, or worth trying to obtain.

Volgens Rokeach (1973:13) is waardes:

... standards that tell us how to rationalize in the psychoanalytic sense, beliefs, attitudes, and actions that would otherwise personally and socially unacceptable so that we will end up with personal feelings of morality and competence, both indispensable ingredients for the maintenance and anchancement of self-esteem..

Omdat elke mens uniek is, het hy sy eie besondere waarderangorde. Hy het één sentrale waarde wat hy as rigtinggewend aanvaar. Verder beskik hy ook oor mindere waardes van verskillende sterkte. Ter

³⁰ So byvoorbeeld is dit in sommige Indiese state 'n vereiste dat bejaardes tereggestel moet word as hulle 'n sekere ouderdom bereik het, terwyl hierdie beginsel teen die siening van onder andere die Christen indruis.

³¹ Die Christelike ideologie se waardebesef verskil hemelsbreed van dié van die globalis (holis), liberalis of humanis. Die globalis (internasionalis) wil byvoorbeeld universele norme negeer sodat goed en sleg, waar en vals, sedelik en onsedelik dieselfde betekenis kry: '... there is no fixed or eternal law, no absolute right and wrong' (Wallis in *Krisis in ons Onderwys* 1989:3). Eweneens moet die Christelike Sondag gelyk gemaak word met die ander dae van die week deur sport en ander sekulêre aktiwiteite op die Sondag te beoefen sodat die kind ook 'n genivelleerde of gelykgeskakelde Sondagbeskouing sal huldig.

illustrasie: As iemand se sentrale waarde vaderlandsliefde is, sal dit na gelang van omstandighede die verloop van sy lewe bepaal (Pistorius 1970:104).

Vir die mens is sy soeke na die hoogswaardevolle in die lewe geleë in sy bepaalde lewens- en wêreldbeskouing. In dié verband wys Oberholzer (1983:110) dan ook tereg daarop dat die mens nood het

... aan 'n simpatieke lewensopvatting wat sy vertrouwe sal skraag en steun, wat sy lewe sinvol sal maak en betekenis aan sy kultuurarbeid, wetenskap, sedelikheid en godsdiens sal verleen.

Uit die voorafgaande het dit duidelik geword dat 'n lewens- en wêreldbeskouing 'n bepaalde stel waardes verteenwoordig wat 'n mens met sy hele lewe nastreef (Pistorius 1970:104).

Daar moet ook gewys word dat die mens nie aan alles waarmee hy te doen kry dieselfde hoedanigheid van wenslikheid, of nuttigheid (waarde) toeken nie. Die een persoon sal byvoorbeeld aan religieuse waardes die hoogste plek in sy lewe toeken terwyl 'n ander aan ekonomiese, materiële of landboukundige waardes die hoogste plek sal afstaan. Daar moet egter kennis geneem word van die feit dat volgens Pistorius (1970:103–104) die rangorde van waardes nooit permanent kan wees nie, omdat die individu sy lewe lank daaraan bou.

Verder het die rangorde van waardevoorkeure 'n beslissende en deurslaggewende betekenis in die lewe van 'n individu, gemeenskap of volk. Volgens Oberholzer (Du Plooy, Griesel & Oberholzer 1985:202) bepaal dit die aard van die mens se grondverhouding teenoor alles wat hom omring. Daar moet met hom saamgestem word wanneer hy beweer dat die mens se bestaan eenvoudig 'n onvoorspelbare en onverstaanbare aangeleentheid sou bly sonder die invloed en die gesag van waardes, met ander woorde, mensebestaan is met waardes gemoed en met 'n waardeworstelende bestaan. Waardes gee rigting en motivering aan menslike aktiwiteite; hul dien as kriteria van geregtelkheid en derhalwe vorm waardes die morele beginsels of beloftes van etiese besluitneming (Garforth 1985:54).

Deugde of ondeugde lê volgens Van der Walt (1993:7) op ongeveer dieselfde vlak as waardes: dit ontstaan wanneer bepaalde norme gehoorsaam of oortree word. Uit die deugde wat mense op prys stel en by hul kinders inprent, kan 'n mens heelwat van 'n bepaalde kultuurgroep se waardes aflei.³²

Wat betref die herkoms en status van verskillende waardes wat deur die geskiedenis heen ten opsigte van lewe en opvoeding gegeld het, dien daarop gewys te word dat die beskouinge in dié verband afgehang het van die verskillende opvattinge aangaande die herkoms, wese en bestemming van die mens. Drie beskouingswyses kan onderskei word (Venter 1985:121–122). In terme van die ewolusionisties-pragmatiese sienswyse is waardes produkte van ontwikkeling; hulle het op een of ander tydstip in die verlede, as gevolg van 'n menslike behoefte of noodsaak, hulle verskyning gemaak; hulle het slegs gegeld solank as wat hulle 'n doel gedien het. In terme van die humanistiese beskouingswyse het die mens vanselfsprekend 'n inherente sin vir waardes en sy bestaan as mens was slegs moontlik as gevolg van die aanwesigheid en inwerking van die waardes wat aan menswees gegee is. In terme van die teï stiese benaderingswyse is die mens 'n God geskape wese en as sodanig iemand wat gebonde is aan waardes wat gewortel is in die goddelike opdrag van die norme heiligheid en goedheid wat verband hou met dit waaruit die sedelike- of karakter norme soos opregtheid, kuisheid, regverdigheid, billikheid, vroomheid en menslikheid voortspruit.

Ten slotte word volstaan met die volgende bondige omskrywing van die begrip *waardes* wat die skrywer huldig en wat afgelei is van die gegewens wat tot dusver verskaf is. Waardes is gewaardeerde kwaliteite wat die mens motiveer om self op 'n spesifieke manier op te tree (volgens sy lewens- en wêreldbeskouing) en ook ander aan te moedig om dieselfde te doen, omdat 'n persoon glo dat dit iets positief is.

³² Die tradisionele Afrikaan lê byvoorbeeld groot klem op deugde wat 'n vreedsame en gelukkige gemeenskap bevorder. Die ideale mens volgens die Afrikaan – die maatstaf waaraan hulle die vlak van 'n beskawing sou meet – vertoon onder andere die volgende deugde: medemenslikheid, solidariteit, vrygewigheid, mededeelsaamheid, vredeliewendheid, vriendelikheid, insiklikheid, plooibaarheid, aanpasbaarheid, vergewensgesindheid, verdraagsaamheid, hulpvaardigheid, gasvryheid, hartlikheid, spontaneï teit, nederigheid, beskeidenheid, ingetoënheid, bedagsaamheid, geduldigheid, versigtigheid, verstandigheid, omsigtigheid, beleefdheid, hoflikheid, gemanierdheid, selfbeheersing, respek, eerbied, waardering, dankbaarheid, getrouheid, opregtheid, goedheid, welwillendheid, en nog vele meer. Vanweë die algemeen geldende verantwoordbaarheid van hierdie deugde vir outentieke opvoeding onder alle mense, kan hul liever norme genoem word. Natuurlik stel Westerse mense ook baie van hierdie deugde op prys, maar tog kry ons by hulle al minder deugde wat daarop gerig is om 'n gelukkige gemeenskap te bevorder en al meer wat bloot op prestasie en geluk van die individu gerig is. Die waardesisteem negeer dus die universele norm. Voorbeelde van universeelgeldende norme wat wel gehandhaaf behoort te word is standvastigheid, deursettingsvermoë, saaklikheid, gereserveerdheid, uitnemendheid en selfhandhawing (Van der Walt 1993:8).

Ten spyte van die feit dat 'n mens moeilik geskei kan word van die bepaalde kultuur waarin hy grootgeword het en daagliks leef, tree alle mense van 'n bepaalde kultuurgroep tog nie altyd presies eenders op nie, dit wil sê hul waardes verskil. Die rede hiervoor is dat invloede van buite, subkulture binne die eie kultuur, asook eie individualiteit, 'n rol speel. Die meeste mense verkies egter om nie hul kultuur te verander nie aangesien (oorgeërfde) kultuur 'n mens leer hoe om jou in 'n betrokke samelewing te gedra, wat om as waardevol te herken en wat om te glo. Waardes dui dus op die aanvaarding van universele norme al dan nie.

1.7.1.1 INDELING VAN WAARDES

Ten opsigte van die indeling van waardes heers daar geen eenstemmigheid nie. Daar word wel eenstemmigheid gevind ten opsigte van die bestaan van sekere groepe waardes, maar ten opsigte van die getal, aard en verhouding tot mekaar, is daar groot verskille (Van der Walt 1993:9).

Die ryke verskeidenheid van die werklikheid waarin die mens met sy kultuurarbeid te make het, het 'n groot verskeidenheid waardes tot gevolg. Die Bybel self spreek op verskillende plekke (soos byvoorbeeld in Spreuke) van sowel positiewe as negatiewe waardes. Ook in Galasiërs 5:19–22 word 'n lys van negatiewe en positiewe waardes gegee (Van der Walt 1993:9).

Op grond van onderskeibare belewinge kan waardes in twee hoofgroepe ingedeel word, naamlik absolute (intrinsieke) en afgeleide (instrumentele) waardes. Intrinsieke waardes word ter wille van hulleself erken en gehoorsaam, terwyl instrumentele waardes met die bevrediging van bepaalde behoeftes in verband staan. Dit beteken dat 'n bepaalde voorwerp wat beoordeel word, nuttig of skadelik, aangenaam of onaangenaam gevind sal word (Van der Walt 1993:9).

'n Indeling wat redelik algemeen aangetref word volgens De Vries (1985:316), is dié waarvolgens waardes geklassifiseer word as ekonomiese, sosiale, liggaamlike, intellektuele, estetiese, rekreasie-, karakter- en religieuse waardes. Wat die rangorde van hierdie waardes betref word die religieuse waardes as die belangrikste geag terwyl ekonomiese waardes die laagste posisie beklee. Religieuse waardes word gesien as intrinsiek, volstrek of absoluut, terwyl ekonomiese waardes wat utiliteitsbetekenis het, as ekstrinsiek (instrumenteel) beskou word. Al die ander waardes kan tussen hierdie twee pole gerangskik word op grond van hul betekenis.

'n Indeling is van besondere betekenis vanuit pedagogiese perspektief, omdat dit met die ontwakende waardebewussyn van die kind verband hou (Van Zyl 1975:121). Lewensvereisende waardes omsluit die vitale waardes waarsonder die mens se bestaanswyse as 'n fisieke in-die-wêreld-wees nie moontlik is nie. As die mens by hierdie waardes sou vassteek het, sou hy nie 'n uitsonderings posisie ten opsigte van die res van die geskiedenis ingeneem het nie, aldus De Vries (1985:316). Die ego-filistiese waardes is om die self gesentreer en hou 'n waardering in van alles wat vir die self sinvol is. Dit is

veral die ego-filistiese waardes wat daartoe bydra dat elke mens 'n eie persoonlikheid en uniekheid openbaar (De Vries 1985:316)

Sosiale waardes is op die medemens gerig. Hieronder word ingesluit die waardes wat in verband staan met die menslike verhoudinge soos geopenbaar in familie- en vriendskaps verhoudinge en menslike verhoudinge in die algemeen. Hierdie waarde is veral van belang omdat selfwording sonder medemenslikheid nie kan gedy nie (De Vries 1985:316).

Die supra-sosiale waardes waarby estetiese, sedelike en religieuse waardes ingesluit is, dui op die mens se moontlikheid om ruimte en tyd te oorskry en gee ook betekenis aan waardes. Hierdie waardes staan nie afsonderlik van die alledaagse lewe nie, omdat die mens daarna strew om met behulp van sy geloof en vertrouwe al die aktiwiteite waarby hy as mens betrokke is, in die lig van die supra-sosiale waardes vorm en kleur te laat aanneem (De Vries 1985:316).

Indelings van waardes wys daarop dat alhoewel die mens aan verskillende sake waarde heg, dieselfde waarde nie aan almal geheg word nie, omdat 'n waarde altyd '... in relation to a feeling mind' staan (Robinson 1952:51).

Dit het tot gevolg dat elke mens oor 'n waardeskaal, waarin die verskillende waardes elkeen 'n besondere plek kry, beskik. Vervolgens word nader kennis gemaak met die twee 'waardepole' waartussen alle ander waardes ingedeel kan word.

1.7.1.1.1 INTRINSIEKE WAARDES

Die Oxford English Dictionary (1951:571) definieer die begrip *intrinsieke* soos volg:

... intrinsic refers to something as it is in itself, irrespective of outer or other circumstantial or environmental conditions.

Kortweg kom intrinsieke universele waardes neer op inherente waardes soos skoonheid, goedheid, waarheid en vroomheid. Dit word beskou as waardes wat wesenlik tot menswees hoort en wat in hul betekenis en krag van tyd tot tyd en van groep tot groep verskil (Garforth 1985:54–56). Daarom sou hierdie navorser dit eerder inherente universeel verantwoordbare norme noem.

Intrinsieke waardes (eerder norme) steun vanweë hul universeel-sedelike aard basies ooreen met dit wat met universele sedelike bedoel word. Die rede waarom hulle hier waardes genoem word, is die feit dat die mens ofskoon hulle universeel is, daarvoor of daarteen kan kies omdat waardebeplanning 'n menslike aangeleentheid is.

Vervolgens het elke ideologie sy eie siening van intrinsieke waardes. Vir die Christelike geloof is intrinsieke waardes waarheid, goedheid en skoonheid. Vir die Christen is intrinsieke waardes slegs met

gesag beklee omdat dié waardes die wil van God, wat die hoogste en finale gesag is, aan die mens kenbaar maak (Du Plessis 1974:44). Soos voorheen vermeld, sou hierdie navorser dit eerder norme noem vanweë die algemeen geldende aard daarvan.

Dit is teenstelling met die Idealis wat intrinsieke waarde as die hoogste en finale gesag beskou, terwyl vir die Pragmatis daar geen objektiewe, permanente, absolute en vaste waardes buite die mens se ervaringswêreld nie. Of 'n daad goed of sleg is, hang af van die gevolge daarvan in die praktyk (Van Wyk 1976d:11). Volgens die Naturalis word die optrede van die mens deur natuurwette bepaal. Laasgenoemde is wesenlik goed en daarom is handeling wat met die natuurlike ontwikkeling ooreenstem en daarvoor bevorderlik is, goed.

1.7.1.1.2 INSTRUMENTELE WAARDES

In teenstelling met intrinsieke waardes word instrumentele waardes as relatiewe waardes beskou. Voorbeelde van instrumentele waardes is nuttigheid, aangenaamheid, doeltreffendheid en lewensbevordelikheid. Dit is waardes waarvan gebruik of nut die betekenis daarvan bepaal. Hulle is relatief van aard omdat hul slegs geld solank as wat hulle nie deur iets meer waardevols vervang kan word nie (Venter 1985:121).

Relatiewe waardes het betrekking op die mens se psigiese behoeftes en daarom dra dit 'n aardse, nuttige en lewenshandhawende karakter (Pretorius 1985:107). Met ander woorde: die alledaagse menslike ervaring kan gesien word as die belewing van relatiewe waardes. Die bepalende faktor van waardes is die einddoel waarop die mens in sy handeling gerig is, wat op sy beurt weer terugverwys na waardes wat in 'n bepaalde waardehiërargie geplaas word en waaruit die mens sy lewe kan lei (Van der Ven 1985:23). Normaalweg is die manier waarop 'n mens aantrek, eet of groet nie vir hom/haar so belangrik as sy sedelike lewe nie. Godsdienstige waardes is, hoewel dit nie van die etiese optrede geskei kan word nie, tog weer veel belangriker as die morele waardes (Van der Walt 1993:9).

Waardering (in die sin van waarde-erkenning en -toekenning) is 'n doodnormale psigiese verskynsel wat daagliks by individue voorkom. Elke wilshandeling is die resultaat van 'n besluit of keuse waarvan daar by ontleding 'n rangorde van waardevoorkeur ten grondslag lê. Hieroor skrywe De Bussy ([S.a.]: 74–75) soos volg:

Wij denken over iets na, wij doen geen keuse, wij nemen geen bezluit zonder door waardebeoordeling daartoe bewogen te worden. Onze geest is een wereld van gewaarwordingen, gedachten en voorstellingen, en welke daarvan op een zeker oogenblik voor ons te hoogste waardenen tegenwoordigen, bepalen ons doen en laten.

Die gevolgtrekking is dat wanneer 'n persoon se opmerkzaamheid in beslag geneem word, sy belangstelling gaande gemaak word, hoop of vrees opgewek word, dan is die beweegkrag 'n waardebeplating.

1.7.2 'N OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP NORME

Die begrip *norme* is afgelei van die Latynse woord *norma* (Heyns 1973:27) wat letterlik 'maatstaf om te meet of te beoordeel', beteken (HAT 1994, s.v. 'norme').

Norme het veral twee funksies in die lewe van die mens. In die eerste plek vervul norme die funksie van rigsgnoere waarvolgens 'n mens van plan is om te handel of waarvolgens hy behoort te handel.³³ Tweedens kan norme ook dien as maatstawwe waarvolgens mense dinge evalueer. Hierdie evaluering geskied gewoonlik agterna, dit wil sê nadat 'n bepaalde daad gepleeg of afgehandel is. Die evaluering geskied dus aan die hand van bepaalde norme en dan kan daar besluit word of die daad of handeling met die norme korrespondeer al dan nie (De Klerk et al. 1973:212).

Dat die hele bestaan van die mens deur norme gerig word, kan nie ontken word nie. Trouens, dit word treffend deur Steyn (1987:156) toegelig:

Human existence distinguishes itself from all other forms of existence in the sense that it is a normated [and ethical] existence. Man's life is not instinctively driven by needs but it is a life that can be judged, 'evaluated' and changed to comply with norms of propriety.

Die mens staan gedurig voor moontlikhede wat hy moet waardeer en waartussen hy moet kies. Outentieke waardering en keusemaking is egter slegs moontlik aan die hand van universele (dikwels sedelike) norme (Dreyer 1973:3). Die lewe van alle mense word gevolglik gelei in gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan sedelike norme, omdat norme algemeen geldend (universeel) is en die mens opeis tot gehoorsaamheid. Die uitgangspunt hier is dat norme die mens aanspreek met 'n gesag wat gefundeer word in die wil van God: hulle is objektief, onpartydig en onvoorwaardelik volgens Dreyer (1973:3).

Sedelike norme soos opregtheid, regverdigheid en kuisheid word oor die algemeen as universeel beskou omdat hulle vir alle mense geld ongeag die feit dat hulle in verskillende religieuse of filosofiese oortuigings geanker kan wees. So stem die sedelike norme van die Boedhisme in 'n groot mate ooreen met die sedelike norme van die Christendom. Alle mense heg egter nie altyd dieselfde waarde aan

³³ Die Tien Gebooe is byvoorbeeld norme deur God neergelê om vir die Christen gelowige aan te dui hoe hy behoort te lewe (De Klerk et al. 1973:212).

hierdie norme nie. Mens kan daarvoor of daarteen kies en selfs verskillende interpretasies daaraan heg.

Sommige mense sou redeneer dat sedelike norme nie universeel is nie vanweë die feit dat hulle nie deur almal aanvaar word nie. Daar kan egter op gewys word dat die uitkoms van die negering van hierdie norme altyd negatiewe resultate tot gevolg het (byvoorbeeld sosiale chaos) en dat hulle daarom universele bestaansreg het.

Dit is dus duidelik dat mense met betrekking tot die waardes wat hulle aan norme heg, verskil. Vir die Christen is die goeie mens dié een wat uit die ware geloof in ooreenstemming met die Wet van God tot sy eer en verheerliking lewe (Schoeman 1975:15–19).

Alhoewel Plato idealisties was in sy bespreking van die utopiese staat (in sy werk 'Die Republiek') wat hy nooit gemeen het regtig sou funksioneer nie, was hy nietemin rasideel ingestel.³⁴ Hy het geglo aan die waarheid. Sedes soos geregtigheid was vir hom 'n universele aangeleentheid waarsonder die mensdom nie goed kon funksioneer nie.

Weereens word gemeld dat die Naturalis, die optrede van die mens deur natuurwette bepaal word. Laasgenoemde is wesenlik goed en daarom is handeling wat met die natuurlike ontwikkeling van die individu ooreenstem en daarvoor bevorderlik is, goed (Van Wyk 1976e :11). Die Eksistensialis beweer dat:

No a priori values exist: Absolutes are repudicated. The person appropriates, make choices, rights and wrongs are not found in nature, neither are they given by God. (May 1972:238.)

Die Realiste³⁵ glo dat die kind nie goed of sleg gebore word nie, maar wel neig tot sy oorspronklike natuur naamlik dié van neutraliteit soos alle ander morele aspekte (Wild 1948:72).

Vir die Sosialis³⁶, aan die ander kant, is die gemeenskaplike wesenlik goed en daarom is alle handeling wat gemeenskapsontwikkeling bevorder of met die wette van die gemeenskap in ooreenstemming is,

³⁴ Almal wat filosofie voorhou - selfs die postmodernisme wat proklameer dat niks 'waar' hoef te wees nie, gaan rasideel te werk.

³⁵ Ander Realiste poneer op grond van die realiteit van die gebrokenheid van die mens dat 'n kind nie neutraal gebore word nie.

³⁶ Sosialisme is 'n wyse van samelewing gerig op gemeenskaplike voorsiening in die behoeftes van lede (Van Rensburg & Landman 1984:170).

goed. Die Kommunis³⁷ beskou die sedelike (die etiese) as 'n deel van 'n bepaalde sosiale struktuur en dus as 'n suiwer menslike aangeleentheid. Vir die Kommunis bestaan daar dus geen objektiewe, onveranderlike sedewette of Goddelike norme waaraan die mens onderworpe is nie. Die belange van die Kommunisme is die enigste norm vir gedrag (Van Wyk 1976b:9).

1.8 'N OMSKRYWING VAN DIE BEGRIP IDEOLOGIE

Die begrip *ideologie* is van die terme *idea* (beeld) en *logos* (woord) afgelei. Dit dui derhalwe op die wetenskap van idees: die beginsels en die daaruit voortvloeiende denkbeelde van een of ander stelsel of teorie; bepaalde lewensbeskouing of denkwyse; die idees of denkrigting eie aan 'n individu of groep (Van Rensburg & Landman 1984:79).

Met idees as sodanig is daar nie fout nie. Ideale kan 'n geweldige positiewe krag in die lewe van die enkeling en gemeenskap wees. Die rooi lig begin egter flikker wanneer 'n mens deur 'n bepaalde gedagte besete raak, wanneer jy die idee aanbid en bereid is om alles daarvoor op te offer. Soos die antieke mens beelde gedien het, so beoefen die mens dan denkbeelddiens. Die idee staan nie meer in jou diens nie, maar jy as mens dien nou die idee! (Van der Walt 1984:1).

Net soos in die geval van waardes, norme, lewens- en wêreldbeskouing kan daar verskillende konnotasies aan die begrip ideologie geheg word.

Sargent (in Pretorius 1985:22) omskryf ideologie soos volg:

An ideology is a value or belief system that is accepted as fact or truth by some groups. It is composed of sets of attitudes towards the various institutions and processes of society. It provides the believer with a picture of the world both as it is and as it should be .

R. Pratte (1977:47–48), 'n Amerikaanse opvoedkundige, formuleer sy siening aangaande die begrip ideologie soos volg en verwys daarna as 'n

... belief system of a public sort plus the moves or communicative techniques that set up belief in relation to action. Ideology is thus more than fundamental belief ... It is a generic term applied to beliefs in conjunction with highly potent, emotive and persuasive 'directions' to practical concerns.

Schoonees (HAT 1994, s.v. 'ideologie') omskryf die begrip ideologie soos volg:

³⁷ Die woord dui op 'n maatskaplike stelsel of leer van gemeenskaplike besit en die afskaffing van persoonlike of privaat eiendom; verabsoluttering en verduistering van die opvoedingsverhouding deur een bepaalde wyse van mens-wees oor te beklemtoon (Van Rensburg & Landman 1984:88).

- Die wetenskap wat hom toelê op die geskiedenis en ewolusie van onder andere die idee en ideëleer.
- 'n Denkbeeldige spekulاسie oor allerlei vraagstukke soos byvoorbeeld maatskaplike en staatkundige aangeleenthede, en die opstel van 'onpraktiese' teorieë.
- 'n Idee of idees wat die grondslag vorm van 'n tipe staatkundige, ekonomiese, maatskaplik-kulturele teorie.

In teenstelling met Schoonees aksentueer Pratte (1977:47–48) die begrippe aksie en geloof, wat hy in 'n besondere verband tot mekaar sien. Wat hierdie relasie tussen aksie en geloof betref, laat hy hom soos volg uit:

... it [ideology] helps to make more explicit the moral basis of action. Therefore ideology applies moral and value perceptions to social institutions and processes, and by doing, it lends itself to the justification of certain of these over others.

Die handelingselement, dit wil sê, 'n kragdadige optrede wat die gevolg is van sekere potensieël dinamiese aspekte soos onder meer 'n geloof in die toekoms, figureer sterk in Pratte se interpretasie van die begrip ideologie (Pretorius 1985:23). 'n Verdere aspek wat Pratte beklemtoon is die feit dat die aanhangers van 'n ideologie spesifieke waardes koester aangaande sekere maatskaplike instellings en gebeure. Om te evalueer is derhalwe volgens hom, 'n inherente deel van die wese van 'n ideologie.

Volgens Pratte (1977) is 'n ideologie 'n realiteit wat ingewikkelde verhoudinge omvat. Hierdie ingewikkelde verhoudinge skemer ook deur in die volgende omskrywing van die begrip ideologie van Bernier en Williams (1973:361):

... [ideology] generally refers to an integrated pattern of ideas, systems of beliefs, or a 'group consciousness' which characterizes a social group. Such a pattern or system may include doctrines, ideals, slogans, symbols, and directions for social and political action. Ideologies also include objectives, demands, judgments, norms, and justifications, and in this sense they are value-impregnated systems which may be perceived as sacred.

Die opvoedkundige, C.K.Oberholzer (1954:174), definieer ideologie as:

... [n] leer van 'n idee, en wel van 'n idee waarin 'n doel of oogmerk verskuil lê, en wat in die bewussyn leef en werk.

Die feit wat Oberholzer hier onderstreep is dat 'n ideologie nie passief is nie, maar wel aktief. Hierdie siening stem dan ook grootliks ooreen met dié van Pratte. Oberholzer (1954) wys verder daarop dat 'n ideologie absolute gehoorsaamheid van sy aanhangers opeis en dat dit toekomsgerig is.

Die Amerikaner, N. Harris (1968:10), huldig soortgelyke mening deur te beweer dat

... ideas are merely ideas until someone uses them ... to make other people do something at which point ideas become 'ideology'.

Marx (in Price 1986:22) het ideologie soos volg gesien:

Ideology arises as a reflection of the level of appearance and is verifiable by simple observation and experience.

Friedrich en Brzezinski beweer dat die ideologie 'n bepaalde sisteem van idees voorhou. Hierdie idees vorm die inhoud van 'n program wat daarop ingestel is om die gemeenskap en organisasies daaraan verbonde te verenig (Friedrich & Brzezinski 1966:123).

Soos Friedrich vereenselwig Christenson hom met die definiëring van die ideologie as 'n sisteem van idees (Christenson, Engel & Jacobs 1971:8). Die ideologie vorm dus die basis van die program om alle organisasies daaraan verbonde te verenig (Van der Merwe 1982:11).

Corbett onderstreep die feit dat die ideologie 'n stelsel van idees is waaraan 'n bepaalde gemeenskap behoort. Dit verenig die gemeenskap as gevolg van gemeenskaplike idees en behoeftes (Corbett 1965:12).

Ideologie word ook bestempel as 'n medium ter koördinering van konsepte en idees veral met betrekking tot die mens se lewe en kultuur (Mannheim 1966:107). Dit is deur die eeue uitgebou as die werklike stukrag agter die politieke, ekonomiese en sosiale aksies (Brown 1978:9).

Volgens Greyling (1981:80), het die woord 'ideologie' die benaming geword van die totaalsom van grondstellings, idees, religieuse oortuigings, waardes en norme wat deur 'n bepaalde volk, soms groep volke, aanvaar word as grondslag vir hulle bestaansorde en daarmee vir hulle wêreldbeskouing en lewensopvatting.

By die begrip 'die ideologie van 'n bepaalde volk, land, nasie of staat' word ook al die idees ingesluit wat as grondslag van 'n bepaalde staatkundige vorm, ekonomiese teorie, program of stelsel dien (HAT 1994, s.v. 'ideologie'). So kan daar byvoorbeeld gepraat word van die Marxistiese ideologie, die Kommunistiese ideologie, die Calvinistiese ideologie en die Islamitiese ideologie.

In beginsel stem ideologie ooreen met 'n lewensbeskouing, hoewel dit meer pertinent politieke en sosiale waardes sentraal stel en altyd 'n element van onverdraagsaamheid teenoor ander lewensbeskouings inhou. Dit is die houding van 'n mens wat fanatiek oortuig is dat die waardes wat hy volg die enigste is wat bestaansreg het (Pistorius 1970:104).

Ten slotte word volstaan met die volgende bondige omskrywing van die begrip ideologie wat die skrywer huldig en wat afgelei is van gegewens wat tot dusver verskaf is: Ideologie is 'n idee of ideeëer ('n 'stelsel') wat in die bewussyn van 'n mens of 'n groep mense bestaan. Verder is dit so dat ideologie aan sekere vereistes moet voldoen (byvoorbeeld dat dit gegrond is op sekere waardes wat as riglyne

dien), aan die hand waarvan die werklikheid geëvalueer en moontlik verbeter kan word. Voortvloeiend hieruit is dit duidelik dat ideologie onlosmaaklik aan 'n individu se en lewens- en werklikheidsbeskouing gekoppel is. Die meeste outeurs is dit eens dat 'n ideologie hoofsaaklik irrasioneel is, maar dat daar wel 'n mate van 'waarheid' en wetenskaplikheid kan bestaan.³⁸ Daarby is 'n ideologie sterk toekoms- en praktykgerig; teorie en praktyk is dan ook twee belangrike komponente daarvan.

Vanselfsprekend spits 'n ideologiese stryd hom subtiel op die opvoeding toe, want opvoeding is een van die doeltreffendste maniere om ander tot 'n begeerde waardekeuse oor te haal (Pistorius 1970:105).

1.9 DIE BEGRIP OPVOEDING

Opvoeding verwys na hulpverlenende bemoeienis van 'n opvoeder met die opvoedeling op sy weg na volwassenheid. Opvoeding word dan beskryf as 'n doelbewuste, doelgerigte bemoeienis van 'n volwassene met 'n nie-volwassene om hom geestelik selfstandig te maak (Van Rensburg & Landman 1984:124). Opvoeding veronderstel ook die kind se aanvaarding en verwerking van die opvoedingshulp.

Gunter (1961:10) omskryf opvoeding soos volg:

Opvoeding is 'n bewuste, doelbewuste, planmatige, opsetlike, verantwoordelike en verantwoordbare bemoeienis met die bearbeiding van, en hulpverlening en leiding aan 'n hulpverlangende kind of jeugdige deur 'n volwassene en is gerig op die wysiging van eersgenoemde se natuurlike groei sodat sy bestaan 'n behoorlike loop sal neem, dat hy deur en as gevolg van sy opvoeding anders en wel beter sal wees as wat hy daarsonder sou gewees het, sodat hy geleidelik sal vorder op die pad van geestelike volwassenheid .

Langeveld (1959:3) wys daarop dat geen kind 'n volwaardige mens kan word sonder opvoeding nie, aangesien dit 'n antropologiese feit is dat slegs die mens 'n wese is wat opvoed, opgevoed word en op opvoeding aangewese is.

Opvoeding is daarom 'n daad of 'n handeling van mense met mense en gevolglik eie aan menswees (Gunter 1961:10, Oberholzer 1968:86). 'n Handeling roep dadelik die vraag na vore, nl. 'waarvoor' en 'waartoe' dit uitgevoer word (De Vries 1985:315). Opvoeding is dus met norme en waardes belaaie omdat die wesentlike van opvoeding uit 'n handeling bestaan wat altyd op 'n doel, wat norme en waardes impliseer, gerig is. Opvoeding word ook omskryf as die begeleide ontwikkeling, deur die ouer of plaasvervanger, van die persoonlikheid van die kind in sy betrokkenheid op alle lewensgebiede. Outentieke opvoeding is 'n normatiewe aangeleentheid want die kind word ingelei in die aanvaarding

³⁸ Oor hierdie 'geringe mate' bestaan daar meningsverskil onder gesaghebbendes. Sekere outeurs wys daarop dat 'n ideologie absoluut 'wetenskaplik' kan wees terwyl 'n ander hierdie aanspraak verwerp (Pretorius 1985:69).

van aanvaarbare (universeelgeldende) norme (Dreyer 1973:3). Sy lewe word genormeer, sodat hy uiteindelik die normbeeld van volwassenheid sal uitlewe.

Vir die Christen is opvoeding só dat die kind

... in Christus herbore, volkome kan wees en vir elke werk volkome toegerus sal wees, ten einde God in gehoorsaamheid te verheerlik (Potgieter 1962:8).

Die kern van volwassenheid is selfstandigheid, vryheid, verantwoordelikheid en selfdissipline. Onder vryheid word verstaan dat die mens keuses kan maak wat sy eie lewe en dié van ander raak, en daarvoor verantwoordelikheid neem. Volwassenheid behels dus vryheid vir verantwoordbare keuses in ooreenstemming met universele norme (kyk afdeling 1.7.2)

Volgens Erasmus (1967:702) geskied opvoeding altyd volgens bepaalde

... norme wat deur bepaalde waardes onderlê word. Tipies pedagogies is dat die opvoeding hom laat lei deur geestelike en intrinsieke waardes (Erasmus 1967:702).

Die feit dat opvoeding deur die aanvaarding of negering van norme en daarmee verbandhoudende waardes gerig word, bring mee dat dit doelgerig is. Wat die doel van opvoeding is, hang af van dit wat die opvoeder as waardevol beskou. Hier betree ons die gebied van die lewensbeskoulike wat van mens tot mens kan wissel. Daar kan geen algemene uiteindelige opvoedingsdoel wees wat vir alle mense geld nie, omdat almal nie dieselfde hoogste waardes en dieselfde rangorde van mindere waardes erken nie (kyk afdeling 1.7.1)

Uit studies van die opvoedingsverskynsel het dit geblyk dat die bereiking van volwassenheid die hoofdoel van opvoeding is. Daarby het ons egter ook gesien dat ware volwassenheid nooit bereik word solank as wat die mens leef nie: dit bly 'n lewensideaal. Die opvoedingsdoel is dan in sekere sin ook die lewensdoel.

Volgens Pistorius (1978) is opvoeding die uitvloeisel van 'n lewensbeskoulike oortuiging: die opvoeder het 'n bepaalde beskouing oor wat waardevol is en wat 'n mens behoort te wees en sodoende word die kind dan opgevoed. Die opvoeder moet helderheid hê oor die lewensbeskouing wat die gemeenskap vereis asook sy eie lewensbeskouing. Hy moet weet presies wat dit behels en watter invloed dit op die volwassewording van die kind het. Verder moet die opvoeder ook fyn kan onderskei tussen dit wat waardevol en dit wat waardeloos is.

1.10 DIE BEGRIP SKOOL

Die begrip *skool* se etimologie kan teruggevoer word na die Latynse woord *schola* wat op 'n 'geleerde ondersoek' van 'n bepaalde verskynsel dui. Dit kan egter ook verder teruggevoer word na die Griekse

woord *schole* wat 'vrye tyd' beteken. Hoekom vrye tyd? Die rede was dat slegs Griekse burgers vry was in teenstelling met werkers van dié tyd wat nie tyd gehad het om skoling te geniet nie.

Die huidige betekenis van die begrip skool dui op 'n instelling wat deur die gemeenskap daargestel is (Coetzee 1963:284) sodat die kind deur arbeid en inspanning geleentheid tot wêreldstiging met die oog op wêreldbeheersing gebied word. Die begrip skool kan ook nie los van 'n bepaalde beroep, lewenstaak, werk- en lewensbeskouing bedink word nie (Gous 1968:41).

Die skool is 'n plek waar die kind in 'n besondere kultuur milieu ingelei en opgevoed word tot gehoorsaamheid aan kulturele waardes (Schoeman 1968:56). Die skool is ook 'n tyd-leef-ruimtelike instelling waar die opvoeding as praktiese aangeleentheid sy verloop neem (Van Niekerk 1991:35,37).

Die onderwysleerstof, die wyse waarvolgens onderrig word en die wyse waarop leerlinge in 'n skool aktief by die onderwyssituasie betrokke gemaak word met die oog om 'n leersituasie te konstitueer, is 'n sedelike aangeleentheid (Du Plooy et al. 1985:186). Laasgenoemde veronderstel dat die skool 'n besondere ingesteldheid en gesindheid kweek. In hierdie verband verklaar Fisher (in Du Plooy et al. 1985:186) soos volg:

But perhaps more than anything else, the school should teach the child a value system and encourage his commitment to the values of importance.

Die jong kind is konstant gebonde aan steungewing, leiding en geborgenheid. Die kind is 'n potensiële ken- en kultuurwese. Daarom kan hy en moet hy opgevoed word tot kennis en kultuurvorming in die wêreld; tot kennis van; liefde vir; en die nastrewe en verwesenliking van die regte waardes en ideale (Gunter 1976:101).

Die intensionele aspek van sedelike onderrig tree eers werklik op die voorgrond wanneer die kind intellektueel gereed is om nie alleen te verstaan wat die verskil tussen goed en kwaad is nie, maar ook om insig te verwerf waarom die goeie goed en die kwade kwaad is. Om dit te kan weet, moet die kind kennis hê (Gunter 1961:346–353). Dit is dan die taak van die skool om die kind met die nodige kennis toe te rus en verder moet die skool deur die opvoedingsgebeure wat voltrek word, bydra tot die vorming van die kind se karakter (Castelyn & Söhnge 1985:72).

Gunter (1965:118) wys op twee gebruike van die woord 'karakter'. Volgens hom kan dit in 'n psigologiese en etiese sin gebruik word. Die psigologiese karakter is 'n mens se aangebore, natuurlike aard waarvan niks verander kan word nie en waarvoor hy nie verantwoordelik is nie. Die etiese karakter bou die mens self en hiermee moet die skool help.

Vir die Christen is die mens in sonde ontvang en gebore. Daarom kan hy nie aan homself oorgelaat word om die goeie na te streef nie. Dit is die taak van die Christen opvoeder om die jongeling op te voed tot ware liefde teenoor sy medemens. Bedagsaamheid, geduld, goeie maniere, vriendelikheid,

sagmoedigheid, innigheid, beginselvastheid, getrouheid, eerlikheid en regverdigheid as eienskappe van 'n korrek eties-lewende mens, moet deur woord en daad van die opvoeder-onderwyser by die bedorwe, sondige en swakke kind ingeskerp word (Strydom 1970:142). Die goeie en die mooie in die medemens en die lewe moet vir die kind beklemtoon word en as nastrewenswaardig bepleit word.